# GOD SE VOORSIENDE WEG

Ons Hemelse Vader, ons het vanaand na U toe gekom op hierdie gewone manier van liedere sing, die Woord te lees, en dan met U te praat, in die wete dat die res van die diens nou U leidingshulp moet wees of dit sal 'n totale mislukking wees. En ons glo dat U hier is, en dat U alle dinge weet en alle dinge ten goede laat meewerk vir hulle wat U liefhet.

Nou, hier in my hand, hou ek 'n paar briewe vas wat sakdoeke het, wat gaan na die siekes en beproefdes.

2 Nou word ons geleer in die Bybel dat, toe Israel in 'n hoek gedryf was, na die vertrek uit Egipte uit, die Skelfsee voor hulle was, en die woestyne, en Farao se leër hulle agtervolg het, dat een van die skrywers gesê het: "God het afgekyk deur daardie Vuurkolom en kwaad geword vir die see, omdat dit die pad afgesny het wat Sy kinders bewandel het na die beloofde land. En die see het bang geword, en teruggerol, en 'n droë pad gemaak vir Israel om oor te gaan." Nou U is nog dieselfde God.

3 En nou, hou ek hierdie sakdoeke vas, en miskien een of ander arme ou pa wat hierbuite iewers by die Everglades sit; 'n ou blinde moeder met 'n stok in haar hand wat op die grond rondtik om haar pad te probeer vind; of 'n koorsige kindjie wat iewers lê, 'n moeder wat angstig wag op die sakdoek om terug te kom. U het 'n ontsnappingsroete gemaak. En ek bid dat wanneer hierdie gebaartjies (wat ons uit die Bybel kry wat hulle sakdoeke van die liggaam van Paulus af geneem het; ons besef ons is nie Paulus nie, maar ons weet U is steeds Jesus), en ons bid, God, dat wanneer hierdie gebaartjies op hulle siek liggame gelê word, in herinnering van hierdie gebed van geloof wat ons bid, dat God weer sal afkyk deur daardie oë, en mag die vyand wat hulle gebind het, bang word en terugbeweeg. En mag hulle oorgaan na die land van die belofte van goeie gesondheid. Skenk dit, Here. Mag daar nie een van hulle wees wat nie genees sal word nie.

4 En gee dieselfde ding hier vanaand. Mag die Heilige Gees hierdie diens oorneem en in die diens ingaan, in die mense ingaan, Sy weg in die mense se harte inbaan, en mag daar vanaand groot dinge bereik word as gevolg van Sy Teenwoordigheid. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

5 Die gebed vir die siekes, deur sakdoeke te stuur, kry ek die grootste gedeelte van my getuienisse kom van sakdoeke af. Daar's soveel dinge wat die Here gedoen het, omdat hulle meer mense bereik. Ons pos, miskien, miskien 'n duisend per dag, van Jeffersonville af, en so stuur ons hulle.

6 En enige tyd wat julle een nodig het, wel, sit. . . dit nie nou nodig het nie, sit dit in julle Bybel en sit dit op Handelinge 19.

En dan wens ek net die tyd kon toelaat, van hoeveel dinge wat gebeur het. Partymaal neem hulle dit en lê dit op Handelinge 19 in die Bybel. En as julle nie nou enige nut daarvoor het nie, los dit daar. Wanneer noodgeval kom, wel, neem net die sakdoek en lê dit op die kind wat die kroep het of wat dit ook al is. Kyk wat gebeur. Dit was net wonderlik wat ons Here gedoen het.

7 Al wat dit is, dis net 'n kontakpuntjie wat. . . Nou, wanneer ek hierdie uitstuur, sal daar 'n gewone vormbrief wees. Op dieselfde tyd, vra ek almal om om—om nege-uur in die oggend, twaalfuur in die dag, drie-uur in die middag te bid. En dis om die wêreld. En mense staan om middernag op in die nag, in ou lande, hulle hou daardie gebedsketting op dieselfde tyd. Letterlik, tiene van duisende en derduisende wat op dieselfde tyd bid. God sal beslis hoor; julle—julle bestorm net die Hemel met gebed, julle sien, so Hy moet hoor.

8 Dink net hoeveel getroue mense daarin is, en hulle bid vir mekaar, elkeen wat bid. Hulle lê hu-. . . op hulle en bid. Ek het soveel wonderlike getuienisse gehad van daardie dinge wat ons Here gedoen het.

9 Nou, ek is net omtrent die moegste wat ek al ooit was, om op my voete te bly. Hierdie is 'n paar weke vir my, en dit was baie visioene. En so het die Here my gehelp, waarvoor ek baie, baie dankbaar is vir Sy goedertierenheid; natuurlik, ons is. En ons vertrou net dat—dat Hy met ons sal wees vanaand, en ons vanaand sal help.

10 En nou, gaan ek net 'n paar oomblikke praat oor 'n—'n teks, as dit 'n teks genoem sal word. Ek's nie te goed om 'n teks te neem nie, want ek bly baie selde daarby. En ek het net, ek het gevoel ek sal net miskien iets lees, ek sal dink: "Nou, as ek afgaan kerk toe vanaand, gaan ek *hieroor* praat." Nou, ek het dit my hele lewe lank gedoen. En net so seker as wat ek dink ek gaan hierdie doen, kom ek daar en sê die Here iets anders vir my. En ek probeer nooit aankondig waaroor jy gaan preek nie; gaan net voort en doen wat die Here sê om te doen, en dit is nou maar net so. En ek moet net, soos Hy it vir my gee, wel, dit vir die mense gee.

11 En partymaal is dit o, soort van rof, maar dit sal julle goed doen. Ja. Dit het my gered en my gelukkig gehou hierdie hele drie-en-twintig jaar nou, dat ek baie gelukkig was in Jesus Christus, deur die Evangelie te verkondig. En ek's. . . Daar's een berou wat ek in my lewe het: dit is, dat ek Jesus Christus nie geken het in die vergifnis van my sondes toe ek 'n klein babaseuntjie was nie.

12 En ek sê julle, ouers, ek. . . Julle moet die regte soort huis vir julle kinders gee. Dis die ding om te doen. Want as ek 'n Christenhuis gehad het waarin ek grootgeword het, sou ek miskien al verder gevorderd gewees het met ons Here Jesus vanaand en daar sou al meer mense gered gewees het; maar my

mense was nie 'n godsdienstige familie nie. En God moes—moes my net red, deur Sy onuitspreeklike genade. En toe, van toe af het ek al verskeie van hulle na die Here toe gelei. Ek het my moeder gedoop; my vader het sy hart vir Christus gegee, in my arms gesterf. My oupa, ek het hom op amper negentig in—in die rivier gedoop; party van my broers ensovoorts. En almal . . . en—en my klein . . . my seun hier, en dan was my dogtertjie sewe. My ander een is nog te jonk om gedoop te word; sy's net twee. So ek vertrou as sy lewe, wel, wanneer sy oud genoeg is om gedoop te word, ek dit sal doen. En so sy is alreeds toevertrou aan die Here, of ons noem dit "toewyding." So ons wy net die baba toe aan die Here. Probeer die Skrif volg net so goed soos ons kan.

13 Ons sien nooit waar Christus, of enige plek in die Bybel, waar hulle ooit babatjies gedoop het nie. Hulle het hulle net na die Here toe gebring en dis die enigste Skrif wat ek kan vind. Hy het hulle in Sy arms geneem en hulle geseën, gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom." Julle hulle wil besprinkel, hulle doop, is dit alles reg.

14 En net soos om hierdie sakdoeke te neem, baie mense salf daardie sakdoeke met olie. Dis goed. Dis baie goed. Dit sal—dit sal alles reg wees om hulle te salf met olie. Solank as wat God seën, is dit alles reg. Sien? Maar nou, as julle net hieraan sal dink en my 'n paar minute sal verdra, Paulus het nooit met olie gesalf nie; hulle het van sy liggaam afgeneem. Was dit reg? Hulle het van die liggaam van Paulus afgehaal.

15 Nou, Paulus het geweet wat hy aangeraak het, dat dit geseënd was, as hy die mense kon kry . . . Weet julle waar dink ek het Paulus daardie Skrif vandaan gekry? Onthou julle toe die Sunamietiese vrou, toe haar baba dood was? En sy het by Elía uitgekom om te probeer uitvind hoekom die baba gesterf het, en Elía het 'n stok in sy hand gehad; hy het vir sy dienskneg, Gehazi, gesê, dink ek was dit, gesê: "Neem hierdie stok en gaan vooruit, as enigiemand met jou praat, praat jy nie met hulle nie, gaan lê dit net op die baba."

16 Nou, Elía het geweet wat hy aangeraak het was geseënd, dat God in hom was; maar as hy die Sunamitiese vrou kon kry om dit te glo. Maar sy het dit nie geglo nie. Sy het geweet God was in Sy profeet, maar nie in die stok nie, so die stok het nie die werk gedoen nie. Die stok sou dieselfde ding gedoen het as dit die vrou dit sou geglo het. Dink julle nie so nie? Sekerlik. En so . . .

17 Maar toe Elía gekom het, was die enigste ding wat hy gedoen het om net sy liggaam op die baba te lê, en God het hom sy lewe teruggegee. Is dit reg? God was in Sy dienskneg, en Hy, en dis wat die vrou geglo het en dis net wat gebeur het.

18 Ek sien hulle na die platvorm toe kom wanneer ek die gebedsry roep. Ek begin by hulle verbygaan, en voor jy jou kom kry, wel, kan ek—ek sien dat hulle nie dit wil hê nie; hulle wil

hê ek moet vir hulle bid, my hande op hulle lê, of iets. Dis . . . Dit sal nie—dit sal nie wees tot hulle . . . dit gebeur nie, dis net die manier wat—wat hulle dit wil hê.

Een vrou . . . een persoon in die Bybel, Jaïrus het gesê: "Kom, lê U hande op my dogter." Wel, dit was Jesus se hand.

19 Maar 'n Romein het gesê: "Ek's nie waardig dat U onder my huis inkom nie, spreek net die Woord." Sien? Dit hang net af van hoe jy glo, dis wat dit sal wees.

20 Nou, as ek hierdie 'n teksie sal noem om met julle te praat vanaand, gaan ek praat oor *God Se Voorsiende Weg*. Nou, die voorlesing van hierdie teks sal wees van Elía, hierdie groot profeet van God. En dan, oor hoe ons die siekes gaan roep, en, wanneer die siekes, of, die ouderlinge roep, liewer, en die siekes salf en oor hulle bid. Die gebed van geloof sal die siekes red. En hy het gesê: "Die vurige gebed van 'n regverdige man."

21 Nou, 'n regverdige man is nie 'n sondelose man nie. Want julle sal oplet, hy het gesê: "Elía was 'n mens net soos ons." Hy het sy hoogte- en laagtepunte en sy verskille gehad. En die Skrifte van sy lewe bewys dat hy sy hoogte- en laagtepunte gehad het net soos ons. En hy het sy tye gehad van wonder en sy tye wat hy sy humeur verloor het, en hy het baie dinge daar gehad wat verkeerd gegaan het. Maar hy was steeds 'n regverdige man, want hy het sy onwaardigheid bely en in God geglo. So dis wat hom regverdig gemaak het.

22 Ons is nie regverdig in onsself nie; ons is regverdig deur Jesus Christus. Ek kan nie geheilig wees in myself nie; ek word geheilig deur Jesus Christus Wat in my . . . in die Teenwoordigheid van God in my plek staan. Dit is nie my heiligheid nie; dis Sy heiligheid. My heiligheid sal glad nie werk nie, maar Syne wel, want God het Hom klaar aanvaar. En deur Hom te aanvaar, moes Hy my aanvaar, want ek is in Hom. Amen. Dis wat dit 'n werklikheid maak, nie waar nie? Dan hoef ons nie op onsself staat te maak nie.

23 Nou, dit laat ons nie sê ons kan sondig nie. Broer, as jy sondig, is jy net—is jy net weg van God af. Dis al. Daar's net een ding om te doen, is bely dit en kom reg met God. En solank jy begeer om te sondig, is die begeerte van sonde steeds in jou hart, dan is dit tyd om onder by die altaar te bly tot daardie ding weggeneem is.

24 Nou jy sal sondig. Jy sal gaan sondig, want jy kan dit nie help nie, maar jy . . . maar nie opsetlik sondig nie. "Hy wat opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het," sien, "bly daar geen offer vir sonde meer oor nie." Maar elke dag gaan jy sondig.

25 En jy gaan die heeltyd afvallig raak, so dit verg voortdurende gebed tot God. Paulus het gesê: "Ek sterf daagliks." En as Paulus daagliks moes sterf, hoeveel te meer gaan ek . . . Ek sal die heeltyd moet dood bly, as—as Paulus daagliks moes sterf om reg te bly

met God. En so, ons almal moet dit doen, net sterf vir onsself. En dit is om God se weg te volg.

26 Nou, daar's net twee weë vir enigiets: Dis die regte weg en die verkeerde weg. En daardie weë is jou weë en God se weg. En jy kan nie op jou weg en God se weg wees terselfdertyd nie. Jy moet jou eie weg vergeet om op God se weg te kom. En jy moet van jou eie weg afkom om op God se weg te kom. Want solank as wat jy op jou eie weg is, is jy van Sy weg af. So versaak jou weë, versaak jou gedagtes, versaak alles, en maak net op een ding staat, op SO SPREEK DIE HERE. Dis al. Dan weet jy jy's reg.

27 Al kan jy dit nie sien nie, geen van die sintuie sal sê dis reg nie, elkeen van hulle sal sê dis verkeerd, maar jy weet dis reg, want God het so gesê. Dis wat dit reg maak. Nou, dis . . . Sy voorsiende weg was Sy Woord; dit is Sy Woord. God se voorsiende weg vir die mens om te lewe, is nie deur jou sintuie nie, dis deur Sy Woord.

28 Nou, God het die mens eers in Sy Eie gelykenis geplaas, wat na die gelykenis van God was. En God is 'n Bonatuurlike Wese; hy was 'n bonatuurlike man. En toe het Hy hom in vyf sintuie geplaas, en geen van daardie vyf sintuie verklaar sy Hemelse tuiste nie. Daardie vyf sintuie verklaar sy aardse tuiste. En God het hom vyf sintuie gegee om sy aardse tuiste te kontak, en nie om God te kontak nie.

29 Sy sintuig, die—die vyf sintuie beheer die menslike liggaam, en twee sintuie beheer die innerlike mens; dis geloof en ongeloof. En jy besit een of die ander vanaand.

30 Nou, in die tuin van Eden was daar twee bome. Een van hulle was die boom van kennis; een was die Boom van die Lewe. En die mens kan God nooit ken deur kennis nie. So maak nie saak hoe geleerd jy is, hoe slim jou pastoor is, hoeveel grade hy geneem het nie, jy kan nie . . . God word nie geken deur geleerdheid nie, Hy word ook nie geken deur wetenskaplike navorsing nie; die enigste manier wat God geken kan word, is deur geloof. Maak nie saak of jy nie die verskil ken tussen gesplete boontjies en koffie nie, as jy God absoluut deur geloof aanvaar en . . . Dit gaan 'n geloofsdaad wees.

31 En toe die mens van hierdie Boom van die Lewe geëet het, het hy die Ewige Lewe gehad. Maar toe hy daardie Boom van die Lewe verlaat het en gegaan het na die boom van kennis, die eerste hap wat hy gevat het, het hy sy gemeenskap met God geskei, en elke keer wat hy 'n hap vat van daardie boom van kennis, vernietig hy homself.

32 Hier 'n tyd gelede, toe hulle 'n groot staking gehad het en—en hulle was . . . ek het in die pad afgegaan, en ek het 'n vrag steenkool in die pad sien opkom, en ek het gesê: "Wel, prys die Here, die staking is verby. Ek neem aan die mynwerkers het werk

toe gegaan." Ek het gedink: "Moet ek God daarvoor prys? Wel," ek het gedink: "elektrisiteit gaan af en dinge."

33 Maar as jy net sal onthou, vriend, dat elke stukkie kennis . . . Nou, die eerste ding wat die mens afgebyt het van hierdie boom hier oorkant, die boom van—van kennis, en elke keer wat hy van daardie boom afbyt, trek hy net homself soveel verder weg van God af. En wanneer jy dink dat jy al jou geleerdheid kan kry . . . Ek het mans gehad wat na my toe gekom het wat allerhande grade gehad het en al die res en sê: "Broer Branham, ek wil graag gered word." Dis reg. Mans wat Doktore van Godsgeleerdheid is met D.D. dubbel-L.D. Dis reg. Wat beteken dit? Niks. Beteken net jy het baie *hierbo*, maar wat van *hieronder*? Sien? Dis waar . . .

34 God word nie geken deur genealogie te ken nie, dis deur knieëlogie, waar God geken word. Jy vind nie God deur boeke te bestudeer nie; jy vind God op jou knieë.

35 En die eerste keer . . . Nou kyk, hy het buskruit vir homself afgebyt. Wat het hy daarmee gemaak? Dit was kennis, die boom van kennis; hy maak sy kameraad dood. Die volgende, het hy vir hom 'n outomobiel gebyt. Outomobiels maak meer dood as al die oorloë tesame; steeds kennis. Hy het nou vir homself 'n waterstofbom gekry, ek wonder wat hy daarmee gaan maak? Um-hum, um-hum. Sien? Hy vernietig die heeltyd homself deur te eet van die boom van kennis.

36 So vergeet net van kennis en al jou opgeblase kennis, en onthou net, dis SO SPREEK DIE HERE, en dis wat God wil hê jy moet glo, is Sy Woord. Dis reg. Dis God se voorsiende weg vir die mens en was nog altyd gewees.

37 En elke mens wat ooit vir God op Sy Woord geneem het, en elke mens wat ooit enigiets geword het in die wêreld, was mense wat vir God op Sy Woord geneem het. Dis reg. Jy net teruggaan deur George Washington, en Abraham Lincoln, en wat jy ook al wil, groot Amerikaners, en verder af deur die geskiedenis van—van groot manne, sal jy uitvind hulle was manne wat vir God vertrou het. En—en dis God se manier daarvoor.

38 Nou, wanneer die mens . . . Wel, God het vir die mens gesorg hier oorkant, maar toe hy daar weg is om vir homself te gaan sorg, het hy uitgevind dis 'n moeilike taak. So hy het uitgevind hy kan nie in die Teenwoordigheid van God staan sonder om 'n bedekking te hê nie, en God het vir hom 'n bedekking voorsien. En Hy het vir hom 'n paar velle voorsien en hulle oor hom gesit, sodat hy bedek was sodat hy God kon ontmoet. Dit was God se voorsiende weg.

39 Nou, die mens het vir homself 'n weg deur kennis probeer maak. Hy het gesê: "Nou, kyk, ek is nakend." So hy het 'n paar vyeblare aanmekaar gewerk en vir hom 'n paar voorskote gemaak. Maar hulle het uitgevind dit wou nie werk nie. So hulle moes, nie hulle eie weg nie, maar God se weg neem.

40 En mense probeer vandag vir hulleself 'n weg maak. Hulle sê: "Wel, nou ek gaan kerk toe. En—en ek doen *dít*, en ek's 'n goeie mens." Wel, daar's niks verkeerd daarmee nie, maar dis steeds nie God se weg vir jou nie. God se weg: Hy moes iets doodmaak vir jou. Dit was Sy Seun, Christus Jesus. En on-. . . En die Bloed het, was, is, en sal altyd God se voorsiende ontsnappingsweg wees vir enige persoon wat 'n sondaar is, of enige behoefte. Dis deur die Bloed. Dis enigste weg in die wêreld wat jy. . . God het 'n voorsiende weg, is deur die Bloed van Jesus Christus.

41 Hier nie lank gelede nie, toe een van die groot, beroemde kerke, baie van hulle lidmate wat hier sit vanaand, toe ek 'n artikel uit die koerant gekry het waar hulle selfs die Bloed uit hulle sangboeke wou uithaal. Bloed, die Bloedliedere uit hulle sangboek uit. Gesê, dat: "Ons het nie 'n slagpaal-godsdiens nie. Ons wil iets mooi en vroom hê."

42 Tog, daar's. . . dis nou die gelyke van Boeddha, of—of party van daardie ander. Luister, as jy die Bloed daaruit wegneem, het jy geen verlossing meer nie. Dis al. Want net bloed ko-. . . of, verlossing kom net deur die Lewe, en Lewe is in die Bloedstroom. En die Bloed is geoffer en net deur die vergieting van die Bloed is daar vergifnis van sonde. Ek hou van die outydse Bloed-bevlekte godsdiens; dis ek. Want God het Daarna gekyk, en Dit aanvaar. En daardie Bloed was gestort vir ons, en ons moet dit aanvaar.

43 En dan, sal dit nie help om dit net te aanvaar nie, God moet dit terugbevestig dat Hy jou aanvaar het. Dis die ding. Jy kan Hom aanvaar, maar dan as Hy jou aanvaar. Bly net daar totdat Hy jou aanvaar. En dan wanneer Hy dit doen, dan seël Hy jou in Sy Koninkryk in deur die doop van die Heilige Gees. Dan het jy, is jy beveilig tot die Dag van verlossing. Dis reg.

44 "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is," tot die volgende herlewing, nee, uh-uh, "tot die Dag van verlossing." Is dit reg? Daar's geen hoogte- en laagtepunte, binne en buite nie, jy kom regtig in God in, as jy regtig in Hom is; nie net iets naboots nie, maar jy's regtig in Christus; jou een alternatief, jou hele hart is uitverkoop, elke brug is agter jou verbrand, en jy die dinge bedink wat daarbo is, en jy die wedloop met geduld loop wat voor jou gestel is. Amen.

45 Let op, God wat 'n weg maak. Hy maak 'n—'n voorsiende weg. Hy het ons skape genoem. Ek het altyd gewonder waarom ons met skape vergelyk was in die Bybel. Ek weet nie of daar enige skaapboere hier is of nie, maar ek het al 'n paar skape opgepas, het gedeeltelik grootgeword in beesboerdery en alles, in geheel, omtrent die grootste deel van my lewe. In en uit beesplase vir, wel, vandat ek 'n seun was.

46 Maar as jy ooit enigiets hulpeloos gesien het, is om 'n skaap te laat verdwaal. Wanneer 'n skaap verdwaal is, kan hy net eenvoudig nie sy weg vind nie, dis al. Hy sal net reg daar staan

en blêr tot die prêriewolwe of iets hom kry. Hy—hy net, hy's net verlore. Hy's hulpeloos.

47 En dis hoe 'n mens is. Wanneer jy verlore is, broer, gee ek nie om hoeveel hervorming jy probeer doen nie, jy's absoluut hulpeloos tot die Herder jou kom haal. Dis. . . Jy kan nie jouself red nie. Daar's glad nie enige manier om dit te doen nie. 'n—'n Luiperd kan sy kolle lek net so hard as wat hy kan; jy kan hom met seepsoda skrop, enigiets wat jy wil, dit sal net die kolle helderder maak. So daar's geen manier wat ons onsself kan hervorm, of *hiermee* kan ophou, of 'n nuwe blaadjie kan omslaan nie; daar's net een ding oor vir ons om te doen, dis om te aanvaar wat die Woord sê om te doen, wedergebore te word, of verlore te gaan. Dis waar nou. God, Jesus Christus het gesê dat: "As iemand nie gebore word uit water en uit die Gees nie, kan hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie." Of hy nou klein, groot, onkundig, of wat hy ook al is, hy moet daardie vereistes nakom. Jesus het so gesê.

48 En julle weet wat 'n geboorte is: Is 'n regenerasie, 'n nuwe skepping. 'n Mens word 'n nuwe skepsel in Christus, en deur Sy Woord te aanvaar.

49 Nou, ons kan dink aan die tyd. . . En—en altyd, die man wat God se voorsiende weg neem, is altyd 'n man op wie daar neergesien word as 'n fanatikus. Hy's nog altyd, deur alle eeue heen, deur die wêreld beskou as 'n fanatikus. Nooit, nooit, op enige tyd, was God se godsdiens en verlossing op hierdie aarde ooit gewild onder die mense van die wêreld nie. Hy het gesê: "As jy lief. . . " Die wêreld ken hulle eie. Dis reg. "As julle die wêreld liefhet, die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eers in julle nie." So dit was nog altyd 'n moeilike weg van stryd, om in geloof te wandel. Maar, dis nie 'n harde stryd vir die mens nie. Dis die wêreld wat op hulle neersien; sê: "Wel, hierdie mense moet mal wees; hulle tree dwaas op." En dit was nog altyd so, omdat hy die uitweg aanvaar het wat God vir hom voorsien het.

50 In die tyd van die wêreld voor die sondvloed, kan julle julle ons vader Noag voorstel, daarbuite toe hy, miskien, een middag ingekom het huis toe van sy werk af, hy was 'n boer, vir sy vrou gesê het: "Die Here het vandag met my gepraat en vir my gesê om 'n groot ark te gaan bou."

"Wel," sou sy sê: "Noag, hoe kan jy 'n ark bou? Jy's 'n boer. Hoe kan jy ooit 'n ark maak?"

51 "Wel, God het gesê dit gaan reën, en dit gaan die hele wêreld met 'n vloed bedek, en almal gaan verdrink. En Hy het vir my gesê as ek Sy Woord volg, sou ek daarvan ontsnap."

En ek sê jou, dis hoe ons altyd ontsnap, is om God se program te volg. Dis die enigste manier wat ons ooit in staat sal wees om dit te doen.

52 Ek kan Noag daarbuite sien bou aan hierdie ark, wat daar in die middel van ’n groot droë veld staan, waar daar nog nooit ’n druppel reën uit die hemele geval het nie. Daar was nog nooit enigiets wat uit die hemele gekom het as reën nie, was nog nooit ’n wolk in die lug nie; en tog, Noag, wat daarbuite aan ’n ark bou. Kan julle julle voorstel hoe belaglik dit gelyk het? Wel, vir die vleeslike verstand was daardie man mal.

53 Ek kan die mense hoor huis toe kom van hulle werk af in die middag, onder in—in die stad, wat sê: “Sê, glo julle die reënstorie wat hulle daarbuite aan die vertel is? Wat dink julle van daardie ou malle? Wel, is dit nie die malste ou wat julle al ooit gesien het nie? Daarbuite aan die bou aan ’n—aan ’n ark, wat sê dat daar water uit die hemel gaan val, wel, die man is mal. Daar’s niks daarbo nie. God het nog altyd natgemaak deur besproeiing, hieronder op . . . soos hierdie. Daar’s glad nie so-iets nie.”

54 Maar God het vir hom gesê dit was die onsnappingsweg en dis die weg wat hy aan die bou was. En Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Daar sou ’n program op aarde wees wat net so mal sou lyk vir die mense (Dis reg.), net so mal. Maar tog, sou dit God se program wees, want hulle sou God op Sy Woord neem. En hulle sou bou aan ’n Ark, en daardie Ark is Jesus Christus. Dis reg. Dis reg, om bekeerlinge te probeer inbring vir Hom.

55 Nou, No- . . . God het vir Noag gesê dat dit die enigste ontsnappingsweg was wat daar sou wees. En dit was die enigste weg. En hy het vir ’n honderd-en-twintig jaar gepreek. En die mense het hom geïgnoreer, vir hom gelag, die spot met hom gedryf, bespot, uitgelag.

56 Soos dit was in die dae van Noag, geëet . . . Hoe, watter soort wêreld het hulle gehad? Geëet, gedrink, getrou, in die huwelik gegee, allerhande verskillende dinge, net soos hulle nou doen. Hulle het ’n beskawing gehad wat selfs groter was as wat ons nou het. As julle nie dink dit is so nie, probeer . . . laat—laat ons weer die piramide daaronder probeer maak. Laat ons dit, of die sfinks, of iets van daardie grootte probeer bou. Laat ons ’n mummie probeer maak soos die Egiptenare het in hulle balseming, uitvind hoe—hoe ver ons verwyder is van die beskawing van daardie dag. Ons is ver, ver verwyder daarvan.

57 In ’n dag van ’n groter beskawing as hierdie, ’n man wat daarbuite aan ’n ark bou, wat gesê is dit gaan reën, en daar was nog nooit eers ’n wolk in die lug in . . . Vir tweeduisend jaar vandat die aarde bestaan het, was daar nog nooit ’n wolk, of ’n donderslag, weerlig of niks anders nie. Maar tog, het God vir hom gesê dit sou dit doen. Want Sy groot Gees sou hierdie wêreld skeef druk, daarbuite en dit terugleun en die wolke laat kom. As God so gesê het, gaan dit net so wees soos God gesê het dit gaan wees.

58 En Noag het net aanhou bou, die ark met pik bestryk, die teer daarin gesit; net asof die ding in water gestaan het. Nie net sou dit reën nie, maar dit sou 'n vloed word wat die hele wêreld sou oordek. En Noag het God geglo, deur God gewaarsku, beweeg deur geloof, en die ark gebou, gewerk volgens God se voorsiende weg.

59 Goeiste! O, ek kan my net voorstel terwyl hy gekap het en die laaste deel op was, en die mense wat rondom staan en lag het, en sê: "Haai, wat gaan jy met daardie groot ou ding maak? Waarom jy . . . " Hom bespot; alles. Hy het net aanhou bou, en op die punt daarvan gestaan, en net so hard gepreek as wat hy kon.

60 En toe uiteindelik, het daar 'n dag gekom wat God moeg geword het daarvan. En ek kan my net voorstel om die snaakse gevoel te sien wat daar oor die aarde gekom het. Net omtrent soos wat daar vandag is, almal rusteloos: "Wat gaan nou gebeur?" Jy gaan uit in die straat en praat met enige sondaar wat jy wil; jy kan in 'n kroeg ingaan, en almal weet dat iets gaan gebeur. Reg. Iets gaan gebeur. Oordeel is oor die wêreld, en hulle sien dit.

61 Kan julle julle 'n lam voorstel wat hierbuite in 'n veld vreet. En die arme kêreltjie kan niks sien nie, maar hy begin rusteloos voel, iets gaan gebeur. Oorkant in die bosse is 'n leeu wat besig is om nader te sluip. Daar's net iets daaraan, hy weet dit. Daar gaan iets gebeur. Hy kan nie daardie leeu sien nie, maar hy weet daar's iets verkeerd.

62 Dis hoe dit vandag is, broer, daar word 'n tafel gedek vandag met al hierdie konglomerasie van duisternis en donkerte en sonde en dinge wat aangaan in hierdie wêreld; hulle dek 'n tafel vir die grootste drama wat ooit uitgespeel is in al die eeue: die Koms van Jesus Christus. En die mens kan nie . . .

Ons kan nie die laaste dag hê sonder dat die mense in die gees van die laaste dag kom nie.

63 Ons kan nie 'n genesingsdiens hier hê alvorens die mense in die gees van die genesingsdiens kom nie. Ons kan nie 'n vulling van die Heilige Gees hê alvorens die mense in daardie soort atmosfeer kom nie. En die mense was in daardie dag in die atmosfeer om oordeel oor die aarde te bring. En hulle is in dieselfde atmosfeer vandag: eet, drink, trou, in die huwelik gee, en al hierdie dinge soos daardie. En die heelikheid van God word gepreek en gedemonstreer, en die krag van die Heilige Gees wat 'n—'n voorbeeld van die opstanding van Jesus Christus voorstel, wat die Kerk in die Heerlikheid gaan inneem, net so seker as wat ek hier staan. Dis reg. En mense ignoreer dit, slaan geen ag daarop nie, loop weg daarvanaf, omdat hulle in die gees van die laaste dag is.

64 Die wêreld moet soos hierdie raak. God sou onregverdig wees om Sy toorn oor regverdige mense uit te stort. Hulle het Hom geïgnoreer en weggeloop, en Satan het hulle gevange geneem.

En daar staan hulle op daardie tyd. Maar God het ’n voorsiende weg vandag, ’n Ontsnappingsweg. Daardie Weg is Jesus Christus, deur wedergebore te word.

Ek kan sien, die eerste keer wat ’n weerlig gekom en oor die hemele geflits het, het Noag gesê: “Komaan, skat.”

Sy seuns het vir hulle vroue gesê: “Komaan.”

Hulle het in die ark ingegaan. Wel, die mense het gesê: “Ek wonder wat het gebeur? Daar was iewers ’n ontploffing.”

65 Maar ek sê julle, daar was so ’n aantrekking daar, dat selfs die diereskepping geweet het iets is verkeerd. Ek kan die ou ma-voël daarbo sien sit, en die pa-voël wat net lekker sing. Die eerste weerligslag, die eerste keer wat tekens en wonders begin gebeur het, kan ek vir pa-voël sien sê: “Ma-voël, komaan, kom ons gaan net reguit na die ark toe, want dis presies wat Noag gesê het sou gebeur. Dis die Gees van God wat in ons beweeg, kom ons gaan na die ark toe.”

66 Ek kan die ou ma-kameel sien vreet daarbuite teen die kant van die heuwel, en die pa-kameel daar oorkant. Toe die eerste weerligstraal deur die lug getrek het en die tekens en wonders begin verskyn het, sien ek pa-kameel vir ma-kameel sê: “Komaan, daar’s dit. Iets trek aan die binnekant hier, iets beweeg my, ek moet in die ark ingaan.” Ek sê julle, God het verordineer dat hulle in die ark sou inkom.

67 En ek glo dat vandag, wanneer die tekens en wonders oral verskyn van die Koms van die Seun van God, glo ek dat elke man en vrou wat verordineer is deur God om die Stem van God te hoor, daardie trek kan voel, hulle haas na die ark so vinnig as wat hulle kan, om veiligheid te bereik; want dis God se voorsiende weg vir die mens om te ontsnap. Dis reg. Julle sien tekens verskyn, wonders wat verskyn, geheimsinnige dinge wat gebeur, sekerlik, vlieënde pierings deur die lug en alles. Jesus het gesê: “Daar sal tekens bo in die hemele wees en onder op die aarde, vuurkolomme en rookdampe; dit sal gebeur voor die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek.”

68 Hy het al hierdie dinge gesê: die see wat dreun, vloedgolwe wat breek; en alles; mense se harte wat beswyk, grootste tyd van hartprobleme wat ons nog ooit gehad het; vrees; benoudheid van tyd; spanning tussen die nasies. O, goeiste. Hoe die profeet gesê het: “Daardie perdelose waens wat hier in die breë weë jaag, en lyk soos flitse en soos weerlig beweeg.” Alles waarvan daar gepraat is, ons staar dit vandag in die gesig.

Wat is dit? Dis God se waarskuwing aan julle mense: “Maak gereed om God te ontmoet. Maak gereed!”

69 “Waarom moet ek gereedmaak om God te ontmoet, Broer Branham?” Broer, jy maak gereed vir ’n troue; jy maak gereed vir enigiets anders. Wanneer jy hierdie dinge sien kom, maak gereed

om God te ontmoet. Elke keer wat jy 'n grys haar op jou kop sien, beteken dit jy beter gereedmaak om God te ontmoet. Elke keer wat jy verby 'n ondernemer se plek gaan, beteken dit om gereed te maak om God te ontmoet. Elke keer wat 'n baba gebore word, onthou, maak gereed om God te ontmoet. Elke keer as 'n begrafnisstoet verbygaan, maak gereed om God te ontmoet. Elke keer wat jy die Evangelie as 'n waarskuwing hoor, maak gereed om God te ontmoet.

70 God het 'n ontsnappingsweg. Kom nou in Jesus Christus in, waar jy veilig is. Elkeen van daardie diere het reguit, twee-twee, in die ark ingegaan. God maak altyd 'n weg vir diegene wat regtig wil ontsnap van die toorn van God.

71 Verder aan, kan ons dink aan baie dinge: Ek kan dink aan Job, een van die oudste Boeke in die Bybel. Ek kan dink aan Job wat daar staan, uitgeslaan met swere. Partymaal het mense gesê: "Wel, Job het gesondig." Baiekeer sê iemand vandag: "Wel, omdat *hierdie* met hierdie persoon gebeur het, en *hierdie* met *hierdie* gebeur het, wys dit hulle is sondaars."

72 Dit wys nie hulle is sondaars nie, glad nie. Partymaal laat God wel siekte toe om te kom. Maar as jy in jou hart weet, soos Job het, dat jy skoon en reg voor God is. . . Job het ook troosters gehad wat gekom het, en gesit het met hulle rûe na hom toe gedraai vir sewe dae, hom beskuldig het daarvan om 'n geheime sondaar te wees. Maar Job kon nie verst-. . . [Leë kol op band—Red.] . . . broer.

73 "Jy praat soos 'n dwase vrou. Die Here het gegee, en die Here het geneem, prys die Naam van die Here." Broer, hy het . . . Hy het een ding geweet: dat God die alternatief was. God was al waaraan hy kon vashou, so: "Prys die Naam van die Here." Gesê: "Nakend het ek in hierdie wêreld ingekom, nakend sal ek uitgaan; maar prys die Naam van die Here."

74 'n Man in daardie toestand, 'n man wat bereid is om aan God se Woord vas te hou, God is onder verpligting om iets vir hom te stuur. God is onder verpligting om hom na Hom toe te neem.

75 Vanaand, julle mense wat hier sit en Goddelike genesing verlang, glo julle daar is so-iets soos Goddelike genesing? As julle dit met julle hele hart glo, is God onder verpligting om dit aan julle bekend te stel. Amen. Want God se Woord leer dit.

76 Daar was 'n profeet. Dis reg. En daar was 'n profeet destyds daar, hy het net nie presies geweet wat die wil van God vir hom was nie. Hy het gewag. Hy het nie geweet wat om te doen nie. So voor jy jou kom kry, toe alles skynbaar verkeerd geloop het, kon sy troosters hom nie troos nie, en toe was God onder verpligting. Onder uit die ooste het 'n kêreltjie gekom, Elíhu. Elíhu het vir hom gestaan, gesê: "Nou kyk. . . "

77 Ons sal dit op 'n kinderlike manier stel: Job het gesê: "Nou kyk, ek—ek sien die bome wanneer hulle doodgaan, lewe hulle

weer. Die blomme wanneer hulle doodgaan, lewe hulle weer. Maar die mens gaan lê, hy moet die gees opgee. Hy vergaan. Sy seuns kom om hom te eer, maar waar is hy? O dat U my in die graf sou verberg," ensovoorts, het hy gesê.

78 En Elíhu het gesê: "Nou, wag, Job . . . " Ek hou hiervan. Gesê: "Wag, Job, jy beskuldig vir God valslik. Nou, daardie blom het nie gesondig nie. God het 'n voorsiende weg vir daardie blom om weer te lewe."

79 Bo in die noordland waar ek vandaan kom, boer ons . . . Die dames daarbo hou van blomme, net soos julle. En daardie blommetjies sal mooi wees in die somertyd, dan sal die ryp kom, party van hulle is jonk, party is oud, maar wanneer die ryp kom, hulle byt, is dit die dood. Hulle buig hulle hofies; voor jy weet, val die blomblaartjies af, 'n klein, swart saadjie val uit; dan het hulle 'n begrafnisstoet vir hulle.

80 Die herfsreën kom oor, en hulle begin afhuil, en dit begrawe die ou saadjie in die grond. Koue winter kom; ek neem aan dit vries, vier of vyf duim daarbo nou, diep. Nou, is die blomblaartjies weg; die bol het opgedroog; die klein ou saadjie het oopgebars; die pulp het uitgeloop.

81 Nou, dit sal voortgaan deur Desember, Januarie, Februarie, Maart, April, Mei. Nou, breek Mei aan; laaste van April, eerste van Mei. Dis saad is weg, die pulp is weg, die blomblaar is weg, die stingel is weg. Alles wat aan daardie blom was, is weg, wat gesien kan word.

82 Is dit weg? Nee. God het 'n voorsiende weg. Daar's 'n klein kiem van die lewe wat daar iewers lê. Net so seker as wat daardie son oorkant in die ooste opkom en die grond begin verwarm, lewe dit weer. Hoekom? God het 'n weg voorsien daarvoor om weer te lewe. As God 'n weg gemaak het vir 'n blom om weer te lewe, wat van 'n man wat gemaak is na Sy beeld? Hoe God 'n weg gemaak het vir ons om weer te lewe.

83 Maar Job wat gepraat het, wat gesien het dat die mens afgesny is van God as gevolg van sy sonde, sy oortredinge . . . En Elíhu het dit aan hom begin verduidelik, hoedat sy—sy oortredinge hom weggeneem het van God af. Toe het Job daaraan begin dink. Ek kan my voorstel, hom sien staan, en naderhand, het Elíhu gesê: "Maar daar kom Een, 'n Regverdige, Een wat in die bresse sal tree, Sy hand op 'n sondige mens en 'n heilige God sal sit; en dan sal die mens weer opstaan uit die grond net soos die blom opstaan uit die grond uit." Gesê: "Nou, jy sien die blom opkom in die lente van die jaar; maar jy sê die mens gaan lê, hy gee die gees, waar is hy? Omdat Hy God se voorsiende weg verlaat het."

84 Maar daar kom Een Wat hom weer sal terugsit in die weg. Halleluja! O, wanneer ek daaraan dink, skree my innerlike wese uit: "Wat kan ek doen om dit by die mens tuis te bring?"

85 "Ja, daar kom Een Wat hom terug sal plaas in die weg waar hierdie Een sal staan en Sy hand sal plaas op hierdie—hierdie gaping van sonde hier, en Hy sal ingaan en sonde op Homself neem en die weg terug oorbrug dat die mens weer uit die grond kan uitkom."

86 Job het dit begin sien, as 'n profeet; hy het na hierdie profeetjie Elíhu begin luister. En voor jy jou kom kry, het Job opgestaan, God het Sy verkyker onder op sy oë gesit. Hy het vierduisend jaar verder gekyk, hy het gesê: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan: al verteer die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek God in my vlees aanskou: Wie ek self sal sien, my oë sal aanskou, en nie 'n ander nie."

87 Ja, hy het die opstanding van Christus gesien. Hy het gesê: "My oë sal aanskou, en nie 'n ander nie." Hy het Jesus gesien. Hy het geweet hy was in God se voorsiende weg; hy het Lewe in hom gehad, hy het gesê: "Ek weet ek sal op daardie dag opstaan, want ek glo in Hom."

Op die laaste dag moes Jesus staan en daardie weg oorbrug vir die mens. Hoe het God nie altyd 'n ontsnappingsweg gemaak vir diegene wat glo nie.

88 Ek kan dink aan Moses, die kinders van Israel daaronder in Egipte, toe hulle daar ver onder in Egipte was, geslaan en mishandel is deur die Egiptiese slawedrywer. God het 'n ontsnappingsweg gemaak. Hy het 'n kêrel met die naam van Moses soontoe gestuur. En voor Moses hulle kon uitbring... Hulle het gesondig en God verlaat. En die enigste ding wat Moses kon doen, was om God te gehoorsaam. En God het hom soontoe gestuur en vir hom gesê om 'n lam te vat en 'n offerhande te maak en om die bloed op die latei van die deur te sit, op die deurpos.

89 Ek wil hê julle moet oplet hoe pragtig dit is, die latei, die bokant van die deur, en op die deurpos, nie op die onderkant nie. Nie... Bloed van Christus is nie om na af te kyk nie, dis om na op te kyk. Na dit wat net perfek in die deur is, die vorm van die kruis. Elke vader in daardie dag was 'n priester van sy eie familie. En dit het van elke individuele familie afgehang om 'n lam dood te maak. Die lam moes veertien dae aangehou word, beproef word. Volmaakte tipe van Christus, wat voor al Sy aanklaers beproef is, tog was daar nie 'n vlek op Hom nie.

90 Kom ons kyk en sien of hulle enige vlek op hierdie Lam van God kon kry. Natuurlik, julle weet al Sy vriende sou vir Hom getuig. Kom ons kyk na Sy vyande. Sy aartsvyand Judas Iskariot, toe hy na Hom gekyk het wat daar hang, het hy gesê: "Ek het onskuldige Bloed verraai," die geld neergegooi voor die hoëpriester se voete, gegaan en 'n tou gekry en homself opgehang.

91 Kom ons kyk na die Romeinse hoofman oor 'n honderd, toe hy die grond voel skud en tekere gaan het toe Jesus gesterf het,

het hy sy hand oor sy hart gesit, en gesê: "Dit was waarlik die Seun van God."

92 Die Vader Self het die visioene uit die Hemel verberg. Dit het middernag donker geword in die middel van die dag, volgens wat die profeet gesê het sou plaasvind. God het gesê: "Dit is My geliefde Seun." Sekerlik, Hy het.

93 Kyk na daardie Pilatus, daardie groot kêrel wat daarbuite gesit het op die oordeelsbank. Het hom vroeg in die oggend uitgekry, en hy was baie ontsteld in sy gemoed, baie bitter in elk geval; en soort van hierdie Kêrel gehaat. Hulle het hom daar uitgebring en hom op die oordeelsbank gesit, vroeg in die oggend om 'n oordeel te fel. En hulle het Hom nadergebring, en hy wou hê Hy moet 'n paar wonderwerke vir hom doen, of hom op een of ander manier vermaak.

94 En let op, hy's net gereed om Jesus te veroordeel, ek sien iets in die pad afkom net so vinnig as wat hy kan kom. Wat is dit? Dis 'n perd wat van bo van die paleis af kom. 'n Man spring van die perd af, hardloop op soontoe. Wat is dit? Dis een van die paleiswagte. Hy haal 'n brief uit sy sak uit, val neer voor Pilatus, gee dit vir hom. Hy tel dit op, maak dit oop. Hy staan daar in sy toorn gereed om Jesus te veroordeel. Hy begin lees, sy hande begin bewe, sy knieë begin teen mekaar klap. Wat is in daardie brief? Wat sou veroorsaak dat daardie wrede goewerneur binne 'n paar minute verander? Wat sou gebeur om 'n man soos daardie wat staan, of, hulle goewerneur, wat sou hom dit laat doen? Kom ons kyk net 'n oomblik oor sy skouer en vind uit. Dit kom van 'n heidense vrou: "Hê niks te doen met hierdie regverdige Man nie, want ek het baie dinge vandag gely in 'n droom as gevolg van Hom."

95 Hy het gesê: "Bring vir my 'n bietjie water, ek sal my hande was. Ek sal niks daarmee te doen hê nie." Halleluja! God het 'n weg daar gemaak vir hom, as hy dit net wou aanvaar. Dis reg. Ja, meneer.

96 Hy het vanaand vir jou 'n weg gemaak. Gaan jy dieselfde ding doen wat Pilatus gedoen het, Hom van jou hande afwas? Jy sal dit nooit doen nie. Party mense regverdig vir Pilatus. Nee, meneer. Pilatus was nie geregverdig deur sy hande te was nie. Jy sal doen . . .

97 As Pilatus geregverdig was, kan jy ook wees. Jy hoor Dit, sien Dit elke aand hier, jy kan jou hande was, sê: "Wel, ek sal niks Daarmee te doen hê nie, ek sal teruggaan." Jy kan Dit nie van jou hande afkry nie. Reg.

98 Julle ken Pilatus se einde, hy het homself te pletter geval daarbo naby Noorweë en Swede. En nou nog, elke jaar, gaan mense soontoe om daardie blou water te sien opkom, dieselfde as waarmee hy sy hande van Jesus gewas het. Mag 'n bygeloof

wees, maar hulle vergader, in elk geval, elk jaar daar om dit te sien. Nee, meneer, jy kan Dit nie afwas nie.

99 En toe, daaronder in Egipte, het God vir hom gesê, Hy het gesê: "Roep nou uit. . . " Ek hou hiervan. Hy het gesê: "Ek gaan 'n onderskeid maak." God maak wel onderskeid. "Ek gaan 'n onderskeid maak tussen die Egiptenare en die Israeliet. En hierdie onderskeid gaan wees deur die storting van die bloed van 'n lam." Uitgeroep, afgesonder. God vra altyd vir afgesonderdes.

100 Baie mense in die kerk sê: "Ons wil hierdie jong kêrel hê. Hy het pas uit die kollege uitgekom. En ek sê jou, hy drink 'n sosiale drankie, en o, hy—hy's 'n goeie menger."

101 God wil nie mengers hê nie; Hy wil afsonderaars hê. "Sonder vir My af vir Paulus. . . " Sonder julle af van die dinge van die wêreld. God wees genadig. Gee vir ons 'n paar outydse predikers wat die onvervalste Evangelie van Jesus Christus sal verkondig, swart "swart" noem en wit "wit," die Evangelie neerlê waar Dit wil. Soos Johannes die Doper gesê het: "Die byl is gelê teen die wortel van die boom." Gee vir ons meer predikers soos daardie. Dan sal ons terugkom na God se manier van dinge. Amen.

102 Goed. Ek wil hê julle moet oplet. Toe het hy gesê: "Ek wil hê jy moet die lam neem en dit doodmaak in die aand," volmaakte tipe van Christus, doodgemaak in die aand. En dan moes die hele vergadering van Israel die dood sien. Hulle het met Christus. En die bloed moes aan die deur gesit word, want daardie nag sou die doodsengel deur die land trek, en oral waar daar nie bloed was nie, sou daar dood wees.

103 En ek sê jou, broer, as daar ooit 'n tyd was wat die doodsengel deur die land gaan, is dit vanaand. Hy kom na die kerkdeur toe waar die priester staan. En 'n kerk wat die Bloed en die krag van Jesus Christus ontken, daar gaan daarop: "die heerlikheid van God is weg," die doodsengel gaan daar in en dit handel dit af. Hulle word formeel en dood en ontken God se krag. En voor jy jou kom kry, is die dood dan oor die hele groep van hulle. Jy sal hulle nooit enigiets laat glo nie. Hulle kan dit nie glo nie.

104 Nou, hou hierdie doodsengel dop. Ek kan die vader sien. Nou, hulle was veronderstel, wanneer die son ondergegaan en duisternis begin het, hulle eenmaal onder die bloed van daardie lam gekom het, hulle daaronder moes bly tot die opdrag gegee is om te marsjeer. Broer, hierdie is nou goed vir julle Nasarenérs.

105 Kyk, onder die bloed gekom. . . Eenmaal onder daardie bloed, dit op die latei van die deur gesit en op die pos. Maar elke keer wat 'n man deur daardie deur in hierdie huis ingekom het, het hy daar gebly tot die marsjeer-opdragte gekom het om uit Egipte uit te gaan. Ek hou daarvan. Bly daar.

106 Hoe ek die jong dames na die partytjies toe kan sien gaan daardie aand, na die jong Israelitiese meisies, en sê: "Komaan, Rebekka," ensovoorts: "kom uit, en ons gaan na. . . "

"Ek kan dit nie doen nie."

"Hoekom?"

"Wel, ons is onder die bloed." O, goeiste. "Ons is onder die bloed."

"O, komaan, kom ons gaan. Onsin, daardie ou mal godsdiens wat jou pappa daar het."

"Maar kyk, Iets in my hart sê vir my dat ek nie onder daardie bloed moet uitgaan nie."

107 En daar het hulle gegaan na hulle groot partytjies ensovoorts toe. Toe omtrent rondom middernag het daar 'n vreemde gevoel begin kom, net soos wat daar nou weer oor die wêreld kom, waarvan ons 'n rukkie gelede gepraat het. Iets is verkeerd: groot, skreeuende duisternis het oor die aarde gesak; winde het begin waai. Ek kan die seuntjie in hierdie huis sien waarnatoe ons gaan. Kyk na hom, hy sê: "Sê, wat is dit? Ek—ek—ek voel soort van vreemd. Ek sien al die jong meisies wat by die danse was, hulle haas huis toe."

108 O, goeiste. Dis dan te laat om te bid. Nou, voor jy jou kom kry, begin hy—begin hy rondkyk. Ek kan die seuntjie hoor sê: "Pappa, het—het—het die Woord gesê dat die oudste seun in die huis doodgemaak sou word?"

"Ja."

"Wel, Pappa, wat van ons huis?"

"Seun, ons is net so veilig as wat ons kan wees."

"Hoe weet jy jy's veilig?"

"Ons het God se Woord gehoorsaam. Ons het . . . ons is onder die bloed."

109 Ek kan hom hoor sê, net 'n bietjie later . . . Naderhand, kyk ek by die venster uit, die seuntjie, kyk; daar kom twee groot, swart vlerke deur die lug aanbeweeg. Dis die dood. En as daar enige tyd is wat die swart vlerke die land vandag getref het: ons het aardbewegings gehad; ons het pessiekte gehad; ons het allerhande soorte goed gehad wat na hierdie land toe kon kom; en aan soos wat hulle in Egipte gehad het. Maar die laaste plaag wat vir Egipte getref het voor die vernietiging, was die dood. En die laaste plaag wat die kerk getref het, is geestelike dood. Reg. Dis die laaste ding.

Hulle sterf, die kerke is aan die uitsterf. Raak, ons, o, ons het uitgerekte dienste, maar geen herlewing nie, geen herlewing nie.

Hulle sê: "Die groot herlewing in Amerika . . . "

110 Sê my waar dit is. Waar is dit? Ons het nie eers die eerste fase van 'n herlewing in Amerika getref nie. Die rede daarvoor is, dat ons die mense teologie en dinge probeer leer, in plaas van om hulle terug te bring na God se voorsiende weg deur die doop van die Heilige Gees en hulle terug te stuur na God deur die weg van

Golgota. Ons probeer hulle in die kerk kry, en hulle by die kerk te laat aansluit, en hulle in die kerk in te doop, en hulle hande in die kerk in te skud, en hulle briewe in die kerk in te dra; maar hulle moet gedoop word in die Kerk van die lewende God in. En dis die rede waarom ons geen herlewing het nie.

111 Wat ons nodig het is weer 'n outydse roering, waar, outydse John Wesley herlewing, waar hulle heelnag lank staan en preek het, en die krag van die Heilige Gees oor die gehoor geval het. Dis wat ons weer nodig het. Amen. Ek voel nou soort van godsdienstig. So luister, vriend, laat ek vir jou iets vertel. Wanneer ek dink aan die groot behoefte van hierdie volk, het ons nie meer kweekskole nodig nie. Ons het nie meer predikers nodig nie. Wat ons nodig het, is, die predikers wat ons het, gevul met die Heilige Gees. Dis wat ons nodig het. So seker as wat ek hier staan, is dit die waarheid.

112 Nou, ek wil hê julle moet iets anders oplet. Daardie seuntjie, toe, sou hierdie vlerke sien afgaan, wanneer dit 'n huis sou tref, sou hy 'n kreet hoor kom. Maar ek kan die seuntjie hoor sê: "Pappa, is jy seker dat daardie bloed daaraan is?"

Ek kan hom sien uitloop en bo die deur kyk, sê: "Ja, meneer, seun, sy's bedek."

113 Hierdie vlerke begin gaan na daardie huis toe aankom, maar wanneer sy begin afkom soos *hierdie*, sien sy die bloed; Hy het gesê: "Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek verby—verby jou gaan. Ek sal oorgaan." Dis reg. Verby, op God se voorsiende ontsnappingsweg.

114 God se voorsiende weg, vanaand: vir jou om van hierdie koue, formele, onbetrokke, ongoddelike toestand te ontsnap wat vandag in Amerika bestaan, wat in die naam van Christelikheid genoem word. Alles wat Christus vir hulle gesê het om nie te doen nie, dit doen hulle, en doen dit in die Naam van Christus. Net Christus het gesê: "Genees die siekes, en wek die dooies op, en reinig die melaatses, en dryf duiwels uit," en hulle ontken dit. En hulle lei hulle predikers op en stuur hulle uit met teologie, net presies wat Hy gesê het om nie te doen nie, en dit dan nog doen in die Naam van Christus ook. Amen.

115 Broer, dis die waarheid. Ek mag dalk nie in staat wees om dit te sê soos ek dit behoort te sê nie, maar ek sê dit soos dit in my hart is. Dit mag kaalvoet wees, maar dis—dis—dis tyd dat die mens die Evangelie hanteer, nie verwyfd met 'n paar rubberhandskoene aan nie. Vertel vir hulle die waarheid. Dis reg. Hulle mag jou hier haat, maar hulle sal jou liefhê by die Oordeelsbank. Dis reg. Ons is nie verwyfd nie. Die Evangelie van Jesus Christus is nie verwyfd nie. Dis die grootste ding wat 'n mens ooit gedoen het.

116 God—God oordeel nooit 'n mens hoe. . . Iemand sê: "Is hy nie 'n man nie? Hy het sulke breë skouers en sulke groot arms."

Hy mag dalk ’n bruut wees, maar hy mag dalk nie ’n ons se manlikheid in hom hê nie. Dis reg. Jy oordeel nie ’n man aan spiere nie, jy oordeel ’n man aan karakter. Ek het mans gesien wat tweehonderd pond geweeg het en ’n babatjie uit ’n moeder se arms sou gooi en haar sou molesteer vir sy eie dierlike wellus. Dis reg. Jy oordeel nie ’n man aan die eelte in sy hand nie, maar aan die sakke in die knieë van sy broek waar hy gebid het. Halleluja! Dis wat ons vandag nodig het, nog ’n paar manne soos daardie, wat regte, goddelike, outydse, Heilige Gees oortuiging het.

117 Ek sou liewer ’n man soos daardie wou hê by my seun, al ken hy nie eers sy ABC nie, om hierbuite te staan langs ’n stomp iewers in ’n besembos-rietveld en vir hom bid tot hy deurgekom het met die Heilige Gees, as om al die onderwysers te hê wat daar in die wêreld is om teologie in hom te probeer inprop. Amen. Broer, dis die waarheid. Wat ons vandag nodig het, is om terug te kom na God se voorsiende weg vir sondaars.

118 Daar, daaronder, toe hulle daar onderuit gemarsjeer het, het hulle nie gehad. . .Hulle het marsjeer-opdragte gekry, hulle het begin gaan. Toe hulle die brug oorgesteek, oorgegaan het, God het vir hulle ’n brug deur die bodem van die see gemaak. Toe hulle daar oorkant gekom het, toe hulle iets nodig gehad het om te drink, die water heeltemal opgeraak het, was daar ’n poel daar. Maar die water was bitter, hulle kon dit nie drink nie. God het ’n boom voorsien. Hy loop net soontoe, en kap die boom af, gooi dit in die water: “Drink net soveel as wat julle wil.” God het ’n voorsiende weg.

119 Ons is op die reis en God het ’n weg vir alles wat ons nodig het. Halleluja! God wees genadig. Daar is tog sekerlik ’n manier om in hierdie stad hier in te breek, tot die eer van God. Ons dit net kan vind. Dis reg. Wat kan ons doen? Wat kán ek doen? God dit net openbaar, en dit sal dit doen.

120 Daar was ’n weg; daar het ’n—’n bos gestaan aan die kant van die heuwel. Moses het die bos afgekap, dit daar ingegooi, gesê: “Drink net soveel as wat julle wil. Dis lekker.”

121 Naderhand toe hulle weer water nodig gehad het, ver buite in die woestyn was, het God gesê: “Gaan, slaan die rots.” Die rots! Na hulle gesoek het deur elke, waarskynlik, elke ou plekkie wat hulle kon vind, elke oase, onder elke plek ingegaan het, die klippe opgelig het, op alle ander plekke waar daar ’n fontein was, hoegenaamd geen water nie. En toe, het God die belaglike gedoen. Die droogste ding wat daar in die woestyn was, gesê: “Gaan, spreek daar; dis waar die water is.”

122 Hoe dit lyk vandag, wanneer julle dink Goddelike genesing, en krag van God, en die doop van die Heilige Gees uit die Vatikaanstad of iets behoort te kom. God neem ’n klomp holy-rollertjies onder op die hoek, wat miskien nie eens hulle ABC

ken nie, en dis waar die water lê. Reg. Hy werk nie in swier en sulke dinge nie. Hy gee genade vir die onkundiges.

123 Petrus en Johannes was onkundige en ongeleerde manne. Die Bybel het gesê hulle was absoluut onkundig. Maar hulle moes hulle ag, hulle was by Jesus. Dis die hoofsaak. Dis reg. Hulle het genoeg geloof gehad om 'n man te genees by die Skone poort. Petrus het genoeg krag van God in hom gehad om vir Ananias te sê: "Jy lieg." Dis reg. "Jy het daardie geld teruggehou; en Saffira, jy het dieselfde ding gedoen." Hulle so bang gemaak dat hulle 'n hartaanval gekry en gesterf het. En hulle het hulle uitgedra en hulle begrawe. Amen. Daardie selfde God lewe vandag. Daardie selfde program is God se program vir vandag.

124 God wat beweeg deur die woestyn oorkant. . .Het 'n tyd aangebreek toe hulle iets moes hê om te eet. Toe hulle iets nodig gehad om te eet, het God net manna afgereeën uit die Hemel: God se voorsiende weg.

"Hoe gaan ons eet? Ons is hierbuite waar daar geen brood is nie, en daar's geen koring nie, daar's geen mielies nie. Wat gaan ons maak?"

125 Maak geen verskil nie, God het gesê: "Kom uit hiernatoe, Ek sal sorg vir die res." En manna het uit die Hemel neergereeën. Is dit nie wonderlik nie? Net manna afgereeën, al wat julle hoef te doen is om dit op te tel. Maar moenie te veel daarvan optel op een slag nie, want as julle probeer om vanaand genoeg te kry om dit tot môre-aand te laat hou, het dit wikkelsterte daarin gekry, bederf.

126 Dis omtrent wat die helfte van die probleem met die kerke is vanaand: gestagneer met wat ons in die suide noem, daarbo: "wikkelsterte." Dis wat die probleem is met baie mense se ondervindings vandag, wat sê: "O, ek—ek is baie lank terug daar geseën, tien jaar gelede." Wat van nou? Hoe deurgebid is jy nou?

127 Herinner my aan 'n ou Ierse moeder wat oorgekom het van Ierland af. Sy het oorgegaan New York toe om haar dogter te ontmoet. Op pad soontoe, het hulle 'n SOS gestuur, die skip was aan die sink. En dat hulle een of ander jazzmusiek gespeel het onder in die. . .op die vloer, en almal van hulle het gedans. Die kaptein, die skipper het afgekom, liewer, en gesê: "Net 'n oomblik, almal," gesê: "verander julle musiek. As ons dertig minute kan uithou, sal ons daar wees. Indien nie, gaan ons af na die bodem van die see."

128 En almal, hulle het *Nader My God By U* begin speel, en almal het op die vloer geval en begin bid. Ou Ierse moedertjie met 'n ou rokkie wat vasgesteek is aan hierdie kant, en haar lang moue, sy het gesê: "Glorie! Halleluja! Halleluja!"

Wel, het die skipper gesê: "Mevrou, wat makeer jou?"

Gesê: "Ek's gelukkig."

Gesê: "Jy het my verkeerd verstaan." Gesê: "Het jy geweet ek het gesê binne dertig minute van nou af, mag ons op die bodem van die see wees"?

Gesê: "Ek het jou verstaan."

Gesê: "Hoekom bid jy nie?"

Sy het gesê: "Ek is deurgebid, hoef nie te bid nie." Reg. "Ek is deurgebid." Gesê: "O, glorie! Prys die Here!"

Hy het gesê: "Hoe kan jy dit doen, dame? Waaroor skree jy as jy deurgebid is?"

Gesê: "Wel, jy het gesê binne dertig minute van nou af, as ons uithou, sal ons in New York wees."

"Dis reg."

"En as ons nie uithou nie, sal ons op die bodem van die see wees."

"Dis reg."

129 Sy het gesê: "Glorie!" Sy het gesê: "Ek het 'n dogter in New York vir wie ek gaan kuier. En as ek. . . En as ons nie uithou nie, het ek een in Glorie, so ek gaan een binne dertig minute sien. Halleluja! Prys die Here!"

130 Dis hoe jy wil lewe. Halleluja! Reg. Deurgebid en gereed om te gaan. Amen. Wandel in God se voorsiende weg, gereed vir enige minuut. Amen. Want jy weet nie watter minuut Hy jou sal roep om in—in Sy Teenwoordigheid in te kom nie.

131 Daar kan ek die Israeliete sien soos hulle deurgegaan het. Eerste ding waarvan jy weet, het hulle geen geneesmiddels daarbuite gehad nie. Dr. Moses kon nie enige soort teengif in die hande kry nie, so hulle het 'n paar slangbyte gehad, so God het 'n weg voorsien. Is dit reg? Hy het 'n slang gemaak, dit uit koper gemaak en dit op 'n paal gesit. En die enigste ding wat die mense moes doen, was om na daardie paal te gaan kyk, daardie slang op daardie paal, en te glo dat God dit daarbo gesit het, en hulle is genees.

Party van hulle het gesê: "Wel, ek gaan hiernatoe om te kyk of ek 'n bietjie slangwortel kan kry en kyk of ek dit kan opsit."

Die ander een het gesê: "Wel, John, waarnatoe gaan jy?"

Gesê: "Ek gaan 'n bietjie slangwortel kry en dit daarop sit, kyk of dit dit sal genees."

Gesê: "Ek gaan net God se voorsiende weg neem, net na die slang kyk en lewe."

En hy het gelewe; die slangwortel het nie gewerk nie. Amen.

132 God het 'n Geneesmiddel vanaand. Halleluja! Daardie Geneesmiddel is Jesus Christus, Sy Seun, deur die doop van die Heilige Gees. Julle dink ek's mal. Miskien is ek. As ek is, ek's gelukkig. So ek's gelukkiger op hierdie manier as wat ek op

die ander manier was, so net. . .Ek sal liewer soos hierdie wees. Sien? So ek—ek voel net wonderlik. Goed. Ja, meneer. God het 'n voorsiende weg.

133 Eenkeer was daar 'n kêrel met die naam van Elía. Die Here het vir hom gesê, gesê: "Hierdie land is so sondig, dat Ek oordeel daaroor gaan stuur. Maar Elía, Ek gaan 'n ontsnappingsweg vir jou maak."

"Wat gaan U doen, Here?"

"Ek wil hê jy moet daar opgaan en gaan sit by die poel van—van Krit, daar bo-op die top van daardie berg daar oorkant."

Elía het deur die strate geloop, gesê: "Wel, nou gaan dit nie reën tot ek daarvoor vra nie. Ek gaan op soontoe en gaan op die berg sit."

134 En toe die droogte gekom het, kan julle julle daardie mense voorstel wat huis toe kom en sê: "Kyk na daardie ou mal man daarbo, wat daarbo sit by daardie ou fonteintjie bo-op daardie berg, wanneer julle weet die water is nie daarbo nie." Maar God het dit laat vloei. Ek's so bly Hy doen dit. Ja, bo-op die berg gesit. Gesê: "Ek wed daardie ou kêrel het opgedroog, daarbo."

135 Nee, nee, nee, hy doen net. . .hy het God se voorsiende weg geneem. God het gesê: "Gaan jy op soontoe en gaan sit, want Ek het alreeds die kraaie opdrag gegee om jou te voer."

Hulle het gesê: "Daardie arme ou malle wat daarbo sit en doodgaan van die honger."

136 Wel, hy het baie beter gevaar. Ek wed hy het baie beter gevaar as baie—baie van julle hier vanaand. Hy het 'n paar gekleurde diensknegte gehad wat hom bedien het. Ek wed julle het dit nie. Ja, meneer. Kraaie het gekom en hom bedien. Is dit reg? Dis reg. Hy het gekleurde portiere gehad, en die helfte van julle het dit nie. Hulle het gekom en hom bedien, die kraaie, soos hulle verbygekom het.

'n Sekere prediker het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Billy, wil jy vir my sê dat jy glo dat daardie kraaie vir daardie kêrel kos gebring het?"

Ek het gesê: "Dis wat die Bybel gesê het. Ek glo dit." Ja.

Gesê: "Ek wil vir jou iets vra." Gesê: "Hoe op aarde het daardie kraaie daardie toebroodjies gekry en hulle vir Elía gebring?"

137 Ek het gesê: "Ek weet nie." Ek het gesê: "Die enigste ding: die kraaie het dit gekry; die kraaie het dit gebring; Elía het dit ontvang; dit is die einde daarvan." Ek het gesê: "Net presies soos nou, ek jou nie kan sê wat my laat optree soos hierdie nie, al wat ek weet: God het dit geleer; die Bybel het so gesê; die Heilige Gees het dit gebring; ek het dit ontvang; en ek het net 'n lekker tyd."

138 Ek weet nie hoe dit kom nie. Ek net . . . Dis net hier. Halleluja! Ek weet nie. God het so gesê, so ek net—ek eet dit net. Heilige Gees bring dit, ek sê: “Ja, Here.”

“Wel, hulle gaan jou ’n holy-roller noem.”

139 “Ek gee nie om nie, Here. Ek hou net daarvan. Dis net goed. Ek hou net aan eet. Stuur dit af.” Amen. “Gee my net ’n groter hap van die toebroodjie.” Dis al.

Ek kan hulle hoor sê: “O, goeiste, probeer daar oorkant om te probeer kry . . . ”

140 En daardie ou prediker, wat daarbo sit, veronderstel was om ’n fanatikus te wees, wat daar sit, nie—nie bekommerd oor enigiets nie. Sien? Heeldag daar gesit, gesê: “O Here, ek het U lief. Prys die Here. God, ek prys U net.”

Kraai kom verby, sê: “Elía, hier is jy.”

141 Hierdie yslike groot toebroodjie geneem, gesê: “O, goeiste.” Daardie kêrels daaronder besig om aan hulle tonge te knaag . . . Net reg onder na die spruit toe gegaan en gedrink net wat hy wou, en tog “mal” genoem.

142 Dis hoe dit is, broer. Hulle dink ons is mal omdat ons die doop van die Heilige Gees het. Broer, ons drink uit ’n Fontein wat nooit opdroog nie, van die ewige Waters van die Lewe wat ontspring deur Jesus Christus, die Seun van God. Sekerlik, dis God se voorsiende weg. Dit is, beslis.

143 Moenie by jou kerk probeer aansluit en handskud met jou prediker nie. Kom reg met God. Halleluja! Dis die manier om dit te doen, God se voorsiende weg vir jou om dit te doen. Hy sal ’n weg maak, elke keer, van ontsnapping, as julle net sal glo. Glo julle dit? Ja, meneer. Hy het ’n ontsnappingsweg vir Elía gemaak.

Toe, toe dit uiteindelik by ’n tyd gekom het waar daar geen reën was nie, het God vir Elía gesê: “Gaan soontoe en maak gereed vir dinge.”

144 Toe Elía gereedgemaak het vir die herlewing in Israel, toe het hy gesê: “Ek sal julle sê wat ek wil hê julle moet doen. Ek wil hê julle moet vir my twaalf klippe gaan haal en hulle hier teen mekaar rol.”

145 Nou, dit het dinge in orde gekry. Hy het God se volmaakte weg uitgevoer. Hy het gegaan en ’n klip gekry vir elke stam van Israel. Maar weet julle wat’s die probleem vandag? Ons probeer ’n Pinksterklip nader rol, sê: “*Dit* is dit.” Die Metodiste rol ’n klip nader, sê: “*Dit* is dit.” Maar God wil hê ons moet hulle almal teen mekaar rol en ’n outydse Heilige Gees uitstorting op die hele kerk, oral hê. O, broer, het dit tuisgekom. Ek het dit gevoel. Ja, meneer.

146 Dis wat ons vandag nodig het, broer: om elke gelowige bymekaar te bring en die Evangelie te verkondig; nie enigiets

terug te hou nie, maar die volle Evangelie van Christus te verkondig tot die doop van die Heilige Gees uitgestort is op die hele Kerk. Dis die enigste manier om 'n herlewing te hê.

147 Elía het gesê: "Nou, kry alles bymekaar. Kry vir my 'n klip hier om elkeen van hulle te verteenwoordig." Sy offerhande daarop gesit, daar uitgeloop, en hy het gesê: "Nou, Here, laat dit bekend wees dat U die God van die Hemel is en ek U profeet is." En die Vuur het begin val.

148 Broer, wanneer die Metodiste kan vergeet dat hulle net die enigste mense op die aarde is; en die Baptiste, hulle die enigste is; Pinksters, hulle die enigste is; ons almal onsself kan vergader en sê: "Here, stuur die Vuur," dan gaan ons iewers kom. Dis reg.

149 Wanneer die Eenheid Pinkster, die Tweeheid Pinkster, en Drieheid Pinkster, en Vyfheid Pinkster, en hulle almal hulle koppe bymekaar kan sit, wanneer al die Metodiste kan vergeet van besprinkeling, óf of jy nou gedoop is, óf of jy nou natgegooi is, óf of jy nou hierdie gedoen het, en almal bymekaarkom en van al daardie ou klein dingetjies vergeet, en sê: "God, stuur die krag," sal alles vir homself sorg. Kry die hart reg met die Heilige Gees, en die Heilige Gees sal vir die res daarvan sorg. Ja, meneer. Amen. Ek glo in daardie soort herlewing. Kry God se voorsiende weg.

150 Rol die klip van verlossing nader; ek glo dit. Rol die klip van praat in tale nader; ek glo dit. Rol die klip van uitleg nader; ek glo dit. Rol die klip van Goddelike genesing nader; ek glo dit. Broers, maak nou gereed vir die Vuur. Dis seker. "Nou, gaan ek net heeltemal van ons teologie vergeet, Here. Ek rol net hierdie klippe nader. Ek gaan myself reg bo-oor laat lê, en sê: 'O Here, verbrand my.'" Hy sal dit doen. Moenie bekommerd wees nie, Hy sal jou kry.

151 Dis hoe jy dit wil doen, broer, alles uit jou gedagtes neem en God se Woord die voorsiende weg laat wees. Nie die Metodiste ritueel nie, nie die *hierdie* ritueel, of *daardie* ritueel, of *hierdie* teologie, of *daardie* teologie nie; laat die Bybel reg wees. God het gesê: "Laat My Woord waar wees en elke mens s'n, 'n leuen."

152 "Die laaste dae sal Ek My Gees uitstort op alle vlees, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek, Lutheraan, al die res. Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Kom onder hulle uit My mense, dat julle hulle sondes nie deelagtig is nie. Ek sal julle ontvang."

153 Nou, sonde is nie net sedelike gewoontes nie, julle weet. Party dinge, baie van hulle sê: "Wel, hierdie man rook, dis 'n sonde." Nee, dit is nie. Dis nie 'n rook . . . vir hom om te lieg nie. Dit is nie—dit is nie 'n sonde vir hom om te lieg, vir hom om te steel nie. Dis nie sonde nie. Dis die eienskappe van sonde. Dit . . . hy doen dit omdat hy 'n sondaar is. As hy nie 'n sondaar was nie, sou hy dit nie gedoen het nie. Maar omdat hy 'n sondaar is, doen hy dit.

154 Nou sê jy: "Wel, prys God, ek rook nie, ek drink nie." Dit maak nie van jou 'n sondaar nie. Dis net die eienskappe van 'n Christen. Jy doen dit nie, omdat jy 'n Christen is. Dis hoe dit is. En as jy wel die ander doen, is jy nie 'n Christen nie. As jy wel glo, is jy nie 'n Chri- . . . is jy 'n Christen. So dis die verskil. Dis God se voorsiende weg.

155 Jesus het gesê: "Hy wat My Woorde hoor en in Hom glo wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag." Aan hulle vrugte sal julle hulle ken, wat hulle is, watter soort lewe hulle lei. As hulle sê hulle glo en nie die lewe lei nie, dan is daar geen Lig in hulle nie. Hulle sê eenvoudig iets wat nie waar is nie. Hulle is mislei.

Maar as—as ek hier uitgaan, en jy sê: "Hier's 'n groot koringland, prediker, kyk daarna."

156 Ek daar uitkyk en 'n hele veld vol kankerrose sien, sou ek sê: "Ek glo jou nie." Dis reg. As dit 'n koring is . . . 'n Koring sal koring voortbring.

157 'n Christenkerk sal die Bybel, bewyse, voortbring. Amen. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," het die Meesterwortel gesê, die Wortel en Nageslag van Dawid. Dit reg? "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; en met nuwe tale praat; slange opneem; en iets dodeliks drink; hulle hande op die siekes lê en hulle sal gesond word. Dit sal gedoen word tot aan die einde van die wêreld wanneer Ek sal kom."

158 En Hy het nooit gesê: "Sal Ek tiendes mense vind?" nie. Hy het dit nooit gevra nie. "Sal Ek goeie godsdienstige mense vind?" Hy het dit nooit gevra nie. Hy het gesê: "Sal Ek geloof vind wanneer Ek terugkom?" Dis reg. Geloof is die ding; kan dit nie vind nie. Mense sê dat hulle dit het, maar hulle lewens bewys dat hulle dit nie het nie. Jy ken hulle aan hulle vrugte.

159 Nou, nou Elía, ek kan my voorstel hoe hy daar teen die heuwel afkom. Ek ken 'n ander kêrel wat eendag afgekom het, hy het melaatsheid gehad, sy naam was Naäman. Hy het daaronder gekom en hy het . . . "O, goeiste." Hy het gehoor . . . Geloof kom deur die gehoor, nie waar nie? Die gehoor van die Woord van God. En hy het al die dokters probeer wat daar oorkant in Sirië was, en daar was nie enige van hulle wat hom van melaatsheid kon genees nie. So hy het gehoor daar was 'n meisietjie wat gevange geneem was. Sy het waarskynlik 'n goeie Christen-ondervinding, of, goeie—'n goeie ondervinding van verlossing gehad. Sy het gesê: "Jy weet, daar's 'n kêrel daar in ons land, wat Goddelike genesing beoefen, met die naam van Elisa. Ver ek weet, het hy nog niemand laat genees van melaatsheid nie, maar ek glo as jy soontoe gaan en hom vir jou laat bid, sal jy genees word." O, goeiste, ons het nog van daardie meisietjies nodig. Dis reg.

160 Goed. Gesê: “Wel, ek reken ons sal maar opsaal.” En kyk na die man: hy kry soveel verskillende uitrustings, soveel pond silwer, en soveel pond goud, neem dit soontoe. Nou, hy wou Goddelike genesing gehad het op die manier wat hy—hy in sy gedagte gehad het: “Op hierdie manier gaan ek dit kry.” So hy gaan soontoe en hy ry nader voor die . . . Elisa, daaronder.

161 En Elisa wat daaragter gesit het, kan ek my voorstel, in ’n ou klein stoeltjie, wat daaronder agterin sy modderhutjie gesit het, besig om ’n stukkie van die Skrif te lees. Hier kom Gehási in; hy het gesê: “O, Meester.”

“Wat wil jy hê?”

“Wel, daar’s die groot Naäman die leërowerste van die leër van Sirië daarbuite; hy is melaats.”

“Sê vir hom: ‘gaan was in hierdie Jordaan, sewe keer.’”

“Wel, gaan jy nie uit om hom te sien nie?”

“Nee, ek het nie tyd nie; ek praat nou met die Here.”

So hy sê: “Wel, hy’s besig om die Skrif te lees; hy’s in gebed; hy sal nie uitkom nie. Hy het gesê: ‘Gaan was sewe keer in die Jordaan.’”

162 En o, het hy opgeblaas? O, goeiste. Net omtrent soos mense nou. “O, ek sal nooit weer teruggaan na daardie ou plek toe nie. Hmm. Ek sal nooit niks te doen hê met daardie klomp holy-rollers nie.” Opgeswel soos ’n padda wat hael vreet, en gaan rond soos daardie. “O, ek sal nooit weer enigiets daarmee te doen hê nie; ek kan net nie daarin glo nie, nee, nee, nee, nee.”

Dis die rede waarom julle nou in daardie toestand is, net nou. Dis reg. Die Woord van God het die weg uitgelê.

“Ek in daardie ou modderige waters was? Nee, meneer! Wel, die waters bo in Sirië is beter as wat hulle is.”

163 Ek het ’n persoon nou die dag hoor sê, gesê, o, dit was al ’n tyd gelede, gesê: “Wil jy vir my sê dat ek daar na daardie altaar toe moet kom en snot . . . ” verskoon my: “en afgaan daar, en huil en aangaan soos die res van daardie mense daaronder, en boe-hoe en huil.”

Ek het gesê: “Jy gered wil word, sal jy moet.”

“O,” het hy gesê: “ek sal dit net nooit doen nie.”

Ek het gesê: “Gaan dan aan soos jy is.”

164 Ek het gepreek, daar was ’n vrou, sy het gehuil, sy het haar hand opgesteek en begin uitroep. Ou seun, Baptiste prediker, het na my toe gekom, en hy het gesê: “Billy, wanneer gaan jy wegkom van daardie holy-rollers af?”

Ek het gesê: “Weg van daardie wat af?”

165 Gesê: “Daardie holy-rollers.” Gesê: “Ek het nou die aand jou boodskap geniet, tot daardie vrou opgestaan en begin skree het

met haar hande in die lug, aan die huil." Ek het gesê. . . Gesê: "Het dit jou nie onderbreek nie?"

Ek het gesê: "Nee, as sy dit nie gedoen het nie, sou dit." Ek het gesê: "Dit. . . dit het my nie onderbreek nie."

Hy het gesê: "Jy weet wat?" Gesê: "Dit het net koue rillings teen my rug laat afgaan soos 'n vensterblinding."

166 Ek het gesê: "Man, as jy ooit in die Hemel kom, sal jy doodvries." Ek het gesê: "Hulle skree, en gaan beslis aan in die Hemel. Dis reg. Want hulle roep uit voor die altaar van God: 'Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig,' dag en nag deur die Hemel." Amen. Ja, meneer. God se voorsiende weg.

Julle sê: "Broer Branham, jy leer daardie nuwe soort godsdiens." Huh-uh, ek het net 'n splinternuwe geval van die outydse soort.

"Outydse godsdiens, daardie geskree en gehuil en aangaan?"

"Ja, dis reg."

167 God het vir Job gesê: "Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het, toe die outydse godsdiens die eerste keer gemaak is?" Gesê: "Wel. . . toe die môresterre saam gesing het, en die seuns van God geskree het van blydskap?" Sjoe. O, broer. God se voorsiende weg, dis al. Net, ja, om te doen wat God sê om te doen.

Goed, voor jy jou kom kry, Naäman, ek kan hom sien, hy gaan opgeblase daar weg: "Ek sal nooit weer soontoe teruggaan nie."

168 Een man het genoeg verlossing in hom gehad om te sê: "Nou, kyk Vader, as—as die profeet jou beveel het om een of ander moeilike ding te doen, vir hom al hierdie geld te gee, en—en te betaal vir jou genesing, wel, dan sou jy dit aanvaar het. Maar net omdat hy vir jou gesê het om 'te gaan was in die Jordaan,' wel, wil jy dit nou nie doen nie."

169 Ek kan hom sien: "Wel, miskien sal ek maar probeer." En hier gaan hy af julle weet, en hy gaan af soontoe, en hy kyk af langs daardie modderige Jordaan, julle weet: "Hmm, daardie klomp ho-. . . " Dis soos (Julle weet wat ek bedoel.): "Moet ek nou regtig na daardie plek toe gaan?" Goed, hou dan jou melaatsheid.

170 So toe, gaan hy maar af julle weet. Ek kan hom van sy hoë perdjie sien afklim, soos baie mense maak, julle weet. "As ek myself moet verneder om te daal na daardie klomp mense soos daardie." So, ek kan hom daar sien uitgaan in die water: "Hmm," julle weet, sy neus vashou soos *hierdie*, daar gaan hy af, kom terug en sê: "O, ek het julle gesê daar was niks daaraan nie. Ek is nogsteeds melaats."

"Uh-huh, die profeet het gesê: 'sewe keer,' hou net aan met was tot die sewe keer verby is."

"Maar Broer Branham, hoe lank moet ek was?"

"Totdat."

"Totdat wat?"

"Tot jy dit kry, dis wat Jesus gesê het: 'Bly in die stad Jerusalem totdat julle toegerus is met krag.'"

"Twee dae?"

"Totdat."

"Hoe lank?"

"Totdat, totdat julle toegerus is." Dis reg. Bly net daar totdat; dis die Woord van die Here.

171 Goed. Eenkeer was daar 'n kêrel met die naam van Josafat, en 'n klomp van hulle het uitgegaan het in die woestyn. En soos hulle uitgegaan het, het hulle vergeet om 'n kompas saam met hulle te vat; en nog iets, hulle het uitgegaan sonder om die Here te raadpleeg, en hulle het in die moeilikheid beland. Begin jy net sonder om die Here oor iets te raadpleeg, beland jy ook in die moeilikheid. So hulle het in die moeilikheid beland.

172 En hulle het uitgevind, hulle was sewe dae daarbuite; hulle het nie enigiets gehad om te eet nie; water was heeltemal opgedroog. Sekerlik, daar was niks vir hulle om te eet of drink nie. So, een van hulle het gesê: "Wat gaan ons doen? Ons is hierbuite om te vergaan."

173 Daar was een van hulle wat net gedink het: "Wel, God het 'n voorsiende weg hiervoor." So hy het gesê: "Is daar nie 'n profeet iewers dat ons die Here kan raadpleeg nie?"

Hulle het gesê: "Ja, daar's Elisa daaronder, hy het hande gegooi op . . . het water op Elía se hande gegooi."

"O, as hy enigiets met Elía te doen gehad het, sou hy . . . Elía was 'n regte profeet. So ons sal afgaan en hom gaan sien."

174 So hier het hulle na die profeet toe gekom. Hy het hierdie afgodedienaar se seun sien aankom, so hy het soort van opgeblaas, en hy het hulle vertel en gesê: "Hoekom het jy nie na jou ma se god toe gegaan nie? Hoekom het jy nie na jou eie kerk toe teruggegaan nie? Hoekom kom jy af na my toe?" O, hy het regtig rof geraak daaroor, julle weet, hulle soort van uitgeskel. Gesê: "Hoekom het jy nie terugegaan na jou ma se god toe nie? Hoekom gaan jy nie terug na jou ma se kerk toe nie? Dis waar jy begin het. Hoekom kom jy na my toe?"

Hy het gesê: "Nee, nee." So-iets soos dit.

175 En hy het gesê: "As ek nie die teenwoordigheid van Josafat gerespekteer het nie, sou ek nie eers na jou gekyk het nie." Nou, hy het baie ontsteld geraak, gesê: "Speel vir my 'n bietjie musiek."

176 So hulle het die musiek begin speel, die tamboeryn. Nou, luister. As jy nie die profeet kan wees nie, kan jy een van die instrumente wees, jy weet, wat die musiek speel om die Gees af te bring op die profeet. Julle weet wat ek bedoel. So hulle het

begin om die tamboeryn ensovoorts te speel, en die dromme te slaan, en die instrumente te speel, en almal van hulle het begin slaan en speel en het ’n yslike groot ou lied gehad, miskien, speel van:

> Gaan ’n ontmoeting in die lug wees,
> In die soete, soete, hiernamaals,
> God se Eie Seun gaan die Leier wees,
> By die ontmoeting in die lug.

Die profeet het in die Gees begin kom. En voor jy jou kom kry, toe hy in die Gees gekom het, het dinge begin gebeur.

177 Dis wat die probleem is, dat ons nie êrens kan kom hier nie, ons kry nie die Gees daarvan nie. Daar’s dit. Dis reg. Wat daarvan, Broer Bosworth? Reg. Ons moet in die Gees daarvan kom.

178 Hulle het hulle hande begin klap, en miskien het hulle ’n lekker tyd, en die Gees van God het op die profeet begin val. Die Gees het op die profeet gekom; toe het hy dinge begin sien. Jy begin dinge sien wanneer jy in die Gees kom.

179 So hy het in die Gees begin kom, gesê: “Nou kry ek God se voorsiende weg om te sien wat gaan gebeur.” Hy het gesê: “Gaan daar uit en begin slote grawe, want daar gaan water kom.”

Ek kan hulle die grawe sien kry en begin grawe. Een kêrel sal sê: [Broer Branham slaan die preekstoel—Red.] “O, goeiste. Ek het iets hier getref.”

“Wat is dit?”

180 “Dae van wonderwerke is verby.” Wel, as jy net so diep is, is dit al water wat jy gaan kry. Gooi net die ding uit en hou aan grawe, dis al.

181 Een van hulle sê: “Wel, ek . . . Mev. Jones het vir my gelag en gesê daar’s glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie.” Skop die ou blik uit en hou aan grawe. Hoe groter—groter die sloot wat jy grawe, hoe meer water sal jy kry.

182 “Wel, ek sien geen rede nie. Ek sien geen teken van genesing nie; ek sien nie hierdie nie.” Jy het nog nie jou sloot gegrawe nie. Dis wat makeer. Dis wat makeer vanaand, julle het nie julle slote gegrawe nie. Broer, kom ons kry die grawe, en grawe ’n sloot.

183 Wel, sê jy: “Jy gaan nie enige teken sien nie. Daar gaan nie enige reën wees nie. Daar gaan nie enige *dit*, *dat* of die *ander* wees nie.” Maar jy gaan water kry. Halleluja!

184 Wat ek dink Wes Palm Beach nodig het vanaand, is ’n goeie outydse, Heilige Gees herlewing wat strek van een kant van die stad na die ander. En ’n klomp van hierdie predikers hierrond wat half-afvallig is in hulle hart, om na die altaar toe te gaan en reg te kom met God, en julle sal ’n outydse herlewing hê. Amen. Dis gratis. Dis reg.

185 Broer, dis wat hierdie volk vandag nodig het, dis wat hierdie land vandag nodig het, is dat jaloesie en kleinlike bedrog uit die mense se harte sal uitgaan. Amen. Reg. Keer terug na God toe. Broer, ek weet dis erg, moeilik om te aanvaar, en ek weet dit gaan diep in.

186 Toe ek 'n klein seuntjie was, het ons so arm gelewe, ons sou . . . Mamma sou vleisvelle moes kook in 'n pan om die vet te kry om ons mieliebrood te maak; ons moes net lewe van mieliebrood en moelasse en—en—ensovoorts. En ons het nie die vet gehad nie, so sy sou ou vleisvelle moes kry.

187 En elke Saterdagaand, weet ek sou ons . . . Sy het 'n ou groot teeketel gehad, 'n ou groot sederbad, en hulle sou draai . . . daardie teeketel vol warm water daarin gooi, ons het almal gehad, sou 'n bad kry. Elke Saterdagaand was dit 'n bad, dan 'n groot sluk kasterolie drink. Ek—ek sal dit nooit vergeet nie. Na jy sulke kos soos daardie eet . . . En ek het dit altyd gedrink. Wanneer mamma sou kom, sou ek—sou ek my neus toedruk, ek sou sê: "Mamma, mamma, moet asseblief nie, o," ek het gesê: "Ek . . . die ding maak my so siek."

Sy het gesê: "As dit jou nie siek maak nie, sal dit jou glad nie help nie."

188 So ek bedoel dit vanaand, as dit jou nie sommer lekker siek maak nie, prediker, sal dit jou glad nie help nie, miskien sal dit jou bietjie wakker maak, jou verteringstelsels aan die werk kry, sodat jy die volle Evangelie kan inneem. Halleluja! Amen. Ja, meneer, dis God se voorsiende weg. Dis reg, dit sal jou regsien, jou môre beter laat voel. Sluk haar maar net goed in, sê: "Ja, ek reken dis reg; ek gaan soontoe, om hand te skud met hierdie man, dinge dan reg te maak met hom. Ja, meneer, ek gaan saamwerk in die diens. Ek gaan net alles doen wat ek kan om die heerlikheid van God te sien voortgaan." Dan gaan jy iewers kom. Sjoe, broer, is dit iets. Goed, maar dis God se voorsiende weg. Dis reg.

189 Goed, ek kan dan sien, hulle het hulle water gekry, hulle slote is gevul. En voor jy jou kom kry, het hulle nooit net al die water gedrink wat hulle wou nie, hulle het gegaan en 'n klip geneem en al die ou, koue, formele putte toegestop wat hulle daar oorkant gehad het. En as julle net baie diep sal grawe vanaand, tot hierdie gebou gevul is met die doop van die Heilige Gees, en die mense genees is en gevul is met die Gees, en buite in die strate skree en God prys, afstap na hierde kroeë toe môre en getuienisse gee en alles tot die eer van God, sal ons al hierdie ou, koue, formele putte hierrond toestop met sommige van hierdie klippe (Dis reg.) van getuienisse. Amen. Dis reg. Ek glo dit met my hele hart. God het 'n voorsiende weg.

190 Eenkeer was daar 'n vrou; sy het bloedvloeiing gehad, in die Bybel. O, goeiste, dit was baie erg. Die dokters kon niks doen nie. So sy het van 'n Man gehoor wat die siekes genees het. So voor jy

jou kom kry, een aand. . .Hy het dit geweet. Hy het heelnag oor die see geroei in 'n groot storm. Die volgende oggend het daardie bootjie in die wilgers ingevaar daaronder. Sy—sy het daarbo op die heuwel gesit; sy het daarna gekyk. En Iets het in haar hart vir haar gesê: "God het 'n voorsiende weg vir my. As ek net aan daardie Man se klere kan raak, sal ek gesond word."

191 Hier gaan sy ondertoe. En wanneer jy God se voorsiende weg probeer volg, soos dit in al die eeue was, sal jy konflik oral vind. Ek kan haar sien opkom teen die pastoor; hy sê: "Nou, waarnatoe dink jy gaan jy?"

"Ek wil Sy kleed aanraak."

"Onsin." Sy het reg by hom verbygedruk.

192 Volgende ding, wat sy daar teëgekom het, sy het vir Brigham Young en sy hele klomp vroue teëgekom. Sy het by die volgende kêrels gekom: "Wel, die dae van wonderwerke is verby."

193 Sy het net reguit aanbeweeg, tussen hulle bene deurbeweeg en reguit aangegaan. Sy het niks daaraan gesteur nie, sy het een alternatief gehad; dit was om te doen wat God vir haar in haar hart gesê het om te doen. Amen. Dis wat ons vanaand nodig het, is om God se voorsiende weg te volg. Sy het reguit deurbeweeg en Sy kleed aangeraak. Baie mense wat Hom omhels het en alles, gesê het: "O, Meester, U is. . . "

Hy het gesê: "Wie het My aangeraak? Wie het My aangeraak?"

Hy het rondgekyk om te sien waar die visioen was, net soos Hy nou doen. Gesê: "Jou geloof het jou gered; gaan in vrede." Amen.

194 Wat was dit? Baie van hulle het *dit*, *dat*, en die *ander* gesê. Petrus het gesê—gesê, toe Hy gesê het: "Wie het My aangeraak," het hy gesê: "Wel, Meester, die hele menigte raak aan U."

Gesê—gesê: "Maar Ek weet wanneer iemand My aanraak."

195 Dis die soort aanraking wat ons vanaand wil hê. Dis God se voorsiende weg vir elkeen van julle vanaand. God se aanraking, dis Sy voorsiende weg. Kyk en lewe. Hy het 'n voorsiende weg. Sê: "Here, ek glo dit."

196 Soos die dame wat nou daar uitgaan met daardie babatjie. Sy glo dat daardie babatjie. . .gaan, stap uit. Dame, jy met die babatjie, draai om na hierdie kant toe. Glo jy met jou hele hart vir daardie babatjie? Glo jy daardie toestand gaan dit verlaat? Glo jy daardie diabetes het dit klaar verlaat? Dit het, so gaan maar uit die gebou uit.

Dis hoe jy dit doen. Raak Sy voorsiende weg aan. Amen. Halleluja! God se voorsiende weg.

197 Jesus Christus, die Seun van die lewende God, is God se voorsiende Weg vir elke sondaar. Enigiemand wat glo kan dit net nou kry. Glo julle dit? God se voorsiende weg.

198 Daar was 'n vrou wat ge-. . .'n—'n man eendag, wat sy dogtertjie verloor het. Jesus die voorsiende Weg, het Sy hande op die meisie kom lê. Sy het gesond geword.

199 Daar was 'n ou blinde man eendag, met die naam van Bartimeüs, wat die soom van Sy kleed aangeraak het, as't ware. En so, uitgeroep na Hom. En Hy het God se voorsiende weg aanvaar en is gesond gemaak. Glo julle dit?

200 Kyk. Halleluja! Broer, ek voel goed. Nou kom julle in die atmosfeer. Nou kry julle dinge reg. As julle net in julle gemoed kan besluit, in julle hart kan besluit, sê: "God ek aanvaar dit. Ek glo dit met my hele hart."

201 God is nou net hier om elke persoon gesond te maak. Glo julle dit? Dis God se voorsiende weg. Daardie vrou daar met daardie babatjie, net toe sy begin gaan het, gewonder het in haar gemoed, sy sou "dit moes huis toe neem, wat was fout?" God het 'n voorsiende weg gehad. Dis reg.

202 Laat ek vir jou iets vertel, broer, die kerk het heeltemal formeel en onbetrokke geraak, eenkeer. Die kerk het net omtrent geraak soos wat dit nou is, elkeen wat 'n geloofsbelydenis het, elkeen wat 'n denominasie het, elkeen wat *dit* het, een het *dit* gehad, en een het *dat* gehad. Maar toe het daar 'n tyd aangebreek wat Jesus gekom het. Hy was God se voorsiende Weg. Is dit reg?

203 'n Vrou het die soom van Sy kleed aangeraak. Daar was 'n tyd toe Jesus opgegaan het na die Hemel en God 'n voorsiende weg gehad het: Petrus, die apostel, hulle het in sy skaduwee gelê en is gesond gemaak. Is dit reg? God se voorsiende weg.

204 Hulle het nog 'n man gehad met die naam van Paulus. Is dit reg? En hulle kon nie. . .hy kon nie eers vir hulle almal bid nie, so God het 'n voorsiende weg gehad: het sakdoeke geneem van Paulus se liggaam af, en onrein geeste het uitgegaan. Is dit reg?

205 Die kerk het 'n punt bereik waar hulle soort van lafhartig was. Hulle het opgeklim in die bo-vertrek en daarbo gebly tot tien dae en nagte, en meteens het daar uit die Hemel 'n geluid gekom soos van 'n geweldige rukwind. Nie 'n prediker wat in die pad opgeloop en gesê het: "Nou, ons sal julle inneem met lidmaatskap," nie; nie Katolieke priester wat sê: "Ons sal julle die Heilige Eukaristie gee," nie; maar daar het God se voorsiende weg gekom: Die Heilige Gees het afgekom uit die Hemel soos 'n geweldige rukwind; Dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Hulle het nie opgestap en gesê: "Ek wil my naam op die kerkboek sit," nie. Hulle het dit volgens God se voorsiende weg gedoen. Hulle het begin hardloop, skree, praat in tale, rondspring, om, om, om, aan die skree en God geloof. Daaruit het 'n Kerk gekom (Sjoe!) God se voorsiende weg.

206 Dis steeds God se voorsiende weg. God het nog geensins verander nie. Want: “Hierdie Evangelie noet verkondig word aan elke nasie, taal, en volk as ’n getuienis van My.” Dan sal Hy weer kom.

207 “Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie. Hy wat glo, gedoop word, sal gered word; hy wat nie glo nie, sal verlore gaan. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg”: God se voorsiende weg.

“Bid vir die siekes”: God se voorsiende weg.

“Hierdie dinge wat Ek doen; Ek sien visioen, weet wat in jou hart is, doen hierdie dinge; hierdie dinge wat Ek doen, sal julle ook”: God se voorsiende weg.

“Hierdie sal getuienis van My wees van My opstanding, Palm Beach, Florida, aan regoor die wêreld”: God se voorsiende weg. Halleluja!

208 O, hoe lief het ek Hom nie. O, hoe Sy voorsiende weg hier is: Sy voorsiende weg vir elke sondaar, Sy voorsiende weg vir elke soeker na die Heilige Gees, Sy voorsiende weg vir alle dinge, hoegenaamd.

209 Dame, jy wat daar sit met daardie geruite rok aan, jy het geen gebedskaartjie nie, het jy? Wat net daar sit, bejaarde dame, jy het geen gebedskaartjie nie. Jy het gebid. Dis reg. Maar jy het iets verkeerd met jou sy, het jy nie? Jy wil genees word daarvan. Glo jy God sal jou gesond maak? Glo jy God sal jou genees? Dis in jou linkerkant, is dit nie? Sien jou wanneer jy uit die bed uit probeer kom, jou linkerkant vashou. Is dit nie reg nie? Goed, dit het jou nou verlaat. Jy het God se voorsiende weg aanvaar. Hy is hier om jou te genees. God seën jou. Mag jy gaan, en God se Ewige vrede en genade op jou rus. Amen.

Glo julle Hom met julle hele hart? Kyk hiernatoe en lewe, glo.

210 Wat dink jy, dame, wat daar sit? Glo jy met jou hele hart? Jy wat daar sit met die breuk, glo jy God sal jou genees van daardie breuk? As jy dit glo . . . Glo jy dit? Glo jy Hy het dit gedoen? Sal jy God se voorsiende weg aanvaar? God se voorsiende weg is daardie krag wat jy net nou op jou voel kom. As jy jou hart sal oopmaak, sal daardie Engel van God wat daar reg bokant jou staan, jou gesond maak. Glo jy dit? As jy kan, kan jy genees word. God seën jou.

211 Wat dink jy daarvan, wat daar sit met die hoë bloeddruk, dame, glo jy? of, die hartprobleem wat net daar sit, is dit. Is dit nie reg nie? Glo jy daardie krag van God, wat nou op jou beweeg, is besig om jou te genees? Staan op; die hartprobleem het jou verlaat: God se voorsiende weg. Halleluja!

Hê geloof in God. Amen. Begin glo.

212 Ek sien ’n dame wat van Miami af kom, sy beweeg nader hiernatoe. Die vrou het, sy het lae bloeddruk, en sy het

bloedarmoede; sy sit net daar. Goed, God seën jou, suster. Gaan terug huis toe, word gesond, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

213 Dame wat reg langs jou sit, het ook hoë bloeddruk gehad. God seën jou; jy kan ook huis toe gaan, gesond word. Dank die goeie Heer. Halleluja! Amen.

Die Engel van God is hier; my hele liggaam, net so lam, ek kan skaars my hande voel, druk hulle.

214 Het iets verkeerd met jou long, wat daaragter sit, het jy nie, meneer? Goed, staan op; Jesus Christus het jou genees. God seën. Jy kan nou huis toe gaan en gesond word. Amen.

Ek daag julle uit om God Almagtig te glo.

215 Ek sien 'n man daar sit, net daarbuite, iewers daarbinne. Net 'n oomblik. Die man het artritis; hy het—het aambeie, ook. Dis reg. Dis jou vrou wat daar langs jou sit, nie waar nie? Is dit reg? Staan op, dame. Ek het daardie selfde dame in 'n visioen sien staan. Net 'n oomblik; eerbiedig. Ek glo, ja, meneer, jy het 'n galblaasprobleem en jy het iets soos, in jou neus, iets laat jou neus loop, of, dis—dis hooikoors. Is dit nie reg nie? Sê, moenie . . . is jou naam nie Joe nie, of, noem hulle jou nie "Joe," of so-iets, of: "Joe Stone," of, so-iets van daardie aard, nie? Is dit nie reg nie? Ek het gedink ek hoor dit toe ek daardie dokter gehoor het wat jou ondersoek het. Gaan huis toe, meneer. Jy's ook van Miami, is jy nie? Jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar is dit nie die waarheid nie? Is dit reg? Sit jou hand oorkant op jou vrou; vrou sit jou hand op jou man; en aanvaar julle almal julle genesing, want julle gaan gesond huis toe. Halleluja!

216 Julle mag dink ek's mal, man; ek weet waarvan ek praat. Die doop van die Heilige Gees is hier vir elke mens. Genesing is hier vir elke persoon. Amen. Julle dink ek is buite myself; ek is nie. Ek weet wat ek voel. Julle is in die regte atmosfeer, net nou, elkeen van julle, om genees te word. Sal julle dit glo?

217 God, Wat my Regter is, weet dat daar oraloor hierdie gebou, net nou, lyk soos een groot geel bank met strale wat afhang, oral. Dis julle wat glo, vriende. O, neem God se voorsiende weg deur Sy Woord te neem en te sê: "Here, dis die waarheid," en aanvaar dit. Sal julle dit doen?

218 O, goeiste. Ek . . . Elke gees hierbinne is nou onder my beheer, deur Jesus Christus. Dis reg. Dis waar. As julle op hierdie tyd sal glo dat ek God se profeet is, sal daar nie 'n swakke onder julle wees nie. Dis reg. As julle dit sal glo. Ek kan dit net sê, en God is hier om dit te bevestig, en dit te ondersteun, en te sê dis die waarheid. Buig julle hoofde. Kom ons bid.

219 Here, ek weet nie wat om anders te doen nie. Ek sien Dit nou oor die hele ganse gehoor beweeg. O Vader, asseblief, God, terwyl U hier is in hierdie groot kragbeweging, mag U elke persoon hier

genees. Mag die Heilige Gees nou, terwyl hierdie groot krag oor hierdie gehoor beweeg, mag die Heilige Gees reguit afbeweeg. Hierdie is U voorsiende weg. Hulle, elkeen is genees wat in die skaduwee van Petrus gelê het. Terwyl Petrus hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval.

220 Here, ek bid dat, in die Naam van Jesus Christus, dat die Heilige Gees elke somber gees sal terugstoot, elke twyfelgees, en mag die getuienis van Jesus Christus, wat nou teenwoordig is, om te bewys dat Hy gister, vandag, en tot in ewigheid dieselfde is, die mure afbreek van hierdie duiwelse vertwyfeling, ongoddelike gees wat hier oorkant sal rondbeweeg, en mag elke persoon genees word.

O, jou duiwel, ek daag jou uit deur die Seun van God, Jesus Christus van Nasaret, dat jy hierdie mense loslaat. Kom uit hulle uit.

221 Elke persoon mag vry wees: hulle wat daar sit met artritis; die vrou wat daar sit gebind deur die krag van die duiwel; daardie vrou wat daar sit en besig is om haar verstand te verloor, deur menopouse. Elkeen van julle is absoluut genees net nou, in die Naam van Jesus Christus, as julle dit sal aanvaar, en op julle voete staan, julle God-gegewe oorwinning eis.

222 Hierdie is die tyd om te skree. En die mure van Jérigo, as't ware, die vyand wat julle weerhou, sal op die grond val en elke krag van die duiwel sal verbreek word, in Jesus Christus' Naam.

53-1201 God se voorsiende weg
Amerikaanse Legioen Saal
West Palm Beach, Florida V.S.A.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org